(x) The Committee shall in terms of Rule 23 from time to time determine the regulations which shall apply to and govern the operations of the Clearing House. The decision of the Committee shall be final in connection with any matter relating to the settlement of bargains through the medium of the Clearing House which is not covered specifically by these Rules, or by Regulations.

(xi) All information submitted by broking Members to the Clearing House shall be regarded as confidential by every member of the Clearing House staff, provided that—

(*a*) the Clearing House Manager shall make available such documents, records or other information as may be required by the Committee or by the General Manager in connection with any matter under investigation;

(*b*) the General Manager shall be furnished with such information relating to the trading of every broker as may be considered necessary for general supervision of every broking firm's trading position. Such information shall be confidential to the General Manager and the Examining Accountant of the Inspectorate Department unless the matter requires further investigation;

(*c*) nothing herein contained shall be construed as preventing the preparation and publication by the Stock Exchange of statistical information of whatever nature.

(xii) Transactions in Clearing House Securities which are entered into in any geographic area referred to in sub-rule (ix) (i) shall be settled through the agency of the Clearing House in accordance with Clearing House Settlement Instructions. Deals not subject to Clearing House instructions shall be settled between the brokers concerned.

(xiii) Where one broker acts as agent for another the agency bargain will not be settled through the Clearing House.

(xiv) Particulars of scrip subject to Clearing House instructions which was not delivered at the termination of any Settlement period in terms of such instructions shall be included in the delivery instructions for the next Settlement period. The nominated recipient in the new settlement period may be a member different from the member nominated as the recipient in the earlier settlement period.

(xv) Notwithstanding the provisions of sub-rule (xiv) above the Committee may direct that the settlement of undelivered scrip such as is referred to in sub-rule (xiv) above, shall be effected in such other manner as they may from time to time decide.

(xvi) The buying broker and the selling broker may by mutual agreement amend the settlement period to a prior period or to a subsequent period in respect of transactions which are not included for settlement through the Clearing House or which the Committee has agreed will not be offset.

(xvii) Where shares have not be delivered during the stipulated or subsequent settlement period a client shall have the right to invoke the provisions of Rule 129 by instructing his broker to have the shares bought in in terms of that Rule.

(xviii) The Committee, in its entire discretion and at any time or times on and after the effective date for the introduction of the Clearing House, may incorporate in the Clearing House settlement procedure particulars of all or a portion or portions only of bargains which were open and not completed as at such effective date. Outstanding bargains so incorporated shall be settled in accordance with Clearing House settlement instructions.

(xix) The General Manager may impose upon members such fines and other penalties as may from time to time be prescribed by regulation in regard to failure to conform with regulations relating to or directions given by the Clearing House, provided that any member who is dissatisfied with a decision of the General Manager may appeal to the Committee.

RULE 91 *bis*.

That the following be new Rule 91 *bis*:—

Rule 91 bis.

(i) The Stock Exchange shall publish an official gazette to be known as " The Johannesburg Stock Exchange Gazette " which shall be published as and when determined by the Committee. Every member shall be entitled, free of charge, to a copy of each gazette published and publication shall be deemed to have taken place at 9.00 a.m. on the business day following that on which copies of the gazette became available to members at the administrative offices of the Stock Exchange.

(ii) The Stock Exchange shall by means of a notice placed on the Stock Exchange Notice Board advise Members of the day or days of the week upon which it is proposed that the Johannesburg Stock Exchange Gazette will be published. In the event of a gazette being published on a day of a week other than a day so advised a notice to that effect shall be placed on the Stock Exchange Notice Board on the first mentioned day. The fact that a member has not received a copy of the Gazette shall be no defence to any charge laid against him by the Committee.

(iii) Publication of a notice on the Stock Exchange Notice Board or in the Johannesburg Stock Exchange Gazette shall constitute official notification to Members of the matter published.

(iv) Publication of a notice in the Johannesburg Stock Exchange Gazette shall be equivalent to posting such notice on the Stock Exchange Notice Board and accordingly for the purpose of these Rules where a notice has been published in the Johannesburg Stock Exchange Gazette it shall be deemed to have been posted on the Notice Board.

(v) All official notices posted on the Stock Exchange Notice Board shall as soon as reasonably possible thereafter be published in the Johannesburg Stock Exchange Gazette provided that any omission of any notice therefrom shall not affect the validity of the posting of the notice on the Notice Board.

RULE 147 *bis*.

That sub-rule (*a*) (ii) of Rule 147 *bis* be deleted and that it be substituted by new sub-rule (*a*) (ii) of Rule 147 *bis* reading as follows:—

Rule 147 bis (*a*) (ii).

No broking Member may execute an order on behalf of a client in stocks or shares referred to in Rule 147, except with a broking Member. Provided, however, that where a broking Member is unable to execute such order at a fair and reasonable price with another broking Member and if in his opinion it is in the interests of the client that the order be executed on a market outside the Republic of South Africa he may transact the business on such market subject to his charging the client full brokerage and Marketable Securities Tax and indicating clearly on his broker's note the market in which the order is executed.

That sub-rule (*c*) of Rule 147 *bis* be deleted and that it be substituted by new sub-rule (*c*) of Rule 147 *bis* reading as follows:—

Rule 147 bis.

(*c*) A broking Member who receives a bid or offer in regard to stocks and shares referred to in Rule 147 from a correspondent outside the Republic of South Africa may only deal with the securities involved in accordance with the provisions of sub-rule (*a*) (i) hereof, provided however that—

(i) where prior to receipt of such bid or offer, such broking Member has a firm order in respect of the securities in question from a client he may transact or complete the business to the firm order of his client, subject always to the provisions of sub-clauses (*a*) (i) and (*b*) hereof; and

(ii) if, at the time of the receipt of the bid or offer, the Member has no firm order from a client, he must first offer the business to the market and record the price. Having been unable to transact or complete the business on the market, he may then offer the business to a client provided he does not deal on more favourable terms than that offered in the market;

(iii) a firm order shall mean an order from a client which a broking Member may execute without further reference to his client.

RULE 202 (i).

That existing Rule 202 (i) be deleted and that it be substituted by new Rule 202 (i) reading as follows:—

Rule 202 (i).

The Committee shall keep a list of the stocks, shares and other securities in respect of which listings have been granted, and may at any time review such listings and revise such list and shall do so at least once every year. The Committee may divide such list into sub-sections with the object of indicating the nature of the business carried on by the companies in each sub-section and may determine in which sub-section each listed company will be placed and may from time to time at its discretion move any listed company from one sub-section to another.

No. 735.] [19 Mei 1967.

DIE JOHANNESBURGSE EFFEKTEBEURS.

KENNISGEWING BETREFFENDE WYSIGING VAN REËLS.

Ingevolge subartikel (2) van artikel 8 van die Wet op Beheer van Effektebeurse, 1947 (Wet No. 7 van 1947), word hierby bekend gemaak dat die Johannesburgse Effektebeurs by die Minister van Finansies aansoek gedoen het om goedkeuring om ondervermelde toevoegings aan en wysigings van sy reëls aan te bring.

Ingevolge subartikel (3) van genoemde artikel word alle belanghebbende persone wat beswaar teen die voorgestelde toevoegings en wysigings het, hierby versoek om hul besware voor of op 16 Junie 1967 by die Minister van Finansies, Privaatsak 238, Pretoria, in te dien.

REËL 2.

Dat die bestaande reël geskrap en vervang word deur 'n nuwe reël 2 wat soos volg lui:—

Reël 2.

(i) Die woorde wat in genoemde Wet omskryf word, het dieselfde betekenis in hierdie Reëls tensy dit onbestaanbaar is met die onderwerp of die sinsverband of tensy hulle in hierdie Reëls omskryf word. Die uitdrukking " Effektebeurs " beteken die Johannesburgse Effektebeurs behalwe waar die sinsverband anders aandui. Die vorms in die aanhangsels hiervan, met uitsondering van dié vervat in Aanhangsel A, word bloot as leiding ingevoeg en kan van tyd tot tyd deur die Komitee verander, gewysig of aangevul word op 'n manier wat die Komitee raadsaam mag ag.

(ii) Waar die woord ,, arbitrage " gebruik word, beteken dit die besigheid of transaksie wat meebring dat 'n sekuriteit deur 'n lasgewer gekoop of verkoop word in die een mark met die doel of oogmerk om sodanige transaksie in 'n ander mark as die een waarin die oorspronklike transaksie plaasgevind het, andersom te laat geskied ten einde 'n wins te verkry uit die prysverskille tussen sodanige markte.

(iii) ,, Saldokwitansie " beteken 'n amptelike kwitansie wat deur 'n maatskappy uitgereik is ten opsigte van aandele wat verteenwoordig word in die aandeelsertifikaat wat by hom ingedien is en wat meer is as die getal aandele wat verteenwoordig word in gesertifiseerde oordragaktes wat teen sodanige aandeelsertifikaat uitgereik is.

(iv) Waar die woord ,, bonus " of ,, bonusse " gebruik word, word hulle geag die volgende in te sluit tensy 'n teenoorgestelde bedoeling uit die samehang blyk:—

(*a*) 'n Bonus of bonusse in kontant en/of nature of, na gelang van die geval;
(*b*) bonusaandele, en

het die uitdrukkings ,, bonusaandeel/-aandele " en die uitdrukking ,, kapitalisasie-aandele " dieselfde betekenis.

(v) Waar die woorde ,, makelaar " of ,, makelaarslid " gebruik word, beteken dit 'n lid wat een of meer van die ondernemings van 'n ,, effektemakelaar ", ,, geldskieter teen aandele " of ,, handelaar in effekte of aandele " dryf.

(vi) 'n ,, Gesertifiseerde transportakte " beteken 'n transportakte wat deur die transportgewer onderteken is, wat nie van 'n aandeelsertifikaat vergesel gaan nie, waarop 'n behoorlik ondertekende en gedateerde sertifikaat deur of namens die maatskappy wie se aandele in die transportakte verteenwoordig word, verstrek word en waarby verklaar word dat die betrokke aandeelsertifikaat by die maatskappy ingelewer is.

(vii) ,, Klaringskantoorsekuriteit " beteken effekte of aandele wat die onderwerp van 'n transaksie uitmaak en wat deur tussenkoms van die Klaringskantoor ingeklaar is of ingeklaar moet word.

(viii) ,, Kontrakprys " of ,, transaksieprys " beteken die prys per aandeel waarteen die transaksie aangegaan is.

(ix) ,, Kontrakwaarde " beteken die teenprestasie wat die makelaar wat koop, aan die makelaar wat verkoop, moet betaal ten opsigte van 'n transaksie vir die aankoop of verkoop van aandele.

(x) Waar die woorde ,, verbintenisse ", ,, verpligtings " of ,, skulde " of dergelike woorde gebesig word, het hulle alleen betrekking op verbintenisse, verpligtings of skulde wat uit Effektebeurstransaksies voortspruit.

(xi) Die uitdrukking ,, prima sekuriteit " beteken effekte wat uitgegee is deur dié liggame of owerhede wat aangeteken is op die amptelike lys wat deur die Komitee gehou word.

(xii) Die uitdrukking ,, onmiddellike transaksie " beteken 'n transaksie waar aflewering moet geskied voor die eersvolgende vereffeningstydperk.

(xiii) ,, Toevallige aanwas " beteken een of meer van die regte of voordele genoem in reël 137, wat voortvloei uit die besit van effekte of aandele waarmee die regte of voordele geïntegreer is en alle ander regte of voordele as die reg op die effekte en aandele self.

,, Geldelike aanwas " beteken 'n ,, toevallige aanwas " waarby die betaling van geld betrokke is.

,, Aandeelbewysaanwas " beteken 'n ,, toevallige aanwas " vereffen deur die lewering van ten volle betaalde aandeelbewyse of 'n bewys van ,, nie-betaling " of titel van beperkte duur, wat ook al van toepassing mag wees.

(xiv) Waar die uitdrukking ,, gesamentlike rekening " gebruik word, beteken dit 'n gesamentlike onderneming of ander ooreenkoms van soortgelyke aard wat kragtens reël 89 aangegaan is en waarvolgens die winste en/of verliese as gevolg van arbitrage, deur die partye daarby gedeel word.

(xv) Waar die woord ,, lys " of ,, lysting " gebruik word, beteken dit, tensy dit onbestaanbaar is met die sinsverband, die insluiting van effekte of aandele in die lys wat ingevolge artikel 9 van genoemde Wet deur die Effektebeurs gehou word.

(xvi) (*a*) ,, Geldelike aanwasvereffening " beteken die invordering en distribusie, deur tussenkoms van die Klaringskantoor, op' n bepaalde dag of dae gedurende die betrokke vereffeningstydperk, van 'n ,, geldelike aanwas " by 'n Klaringskantoorsekuriteit wat betaalbaar is deur die betrokke individuele verkopende makelaars wat dit saam met die toepaslike geldelike aanwas verkoop het, aan die betrokke individuele kopende makelaars wat dit saam met die geldelike aanwas gekoop het, afgesien daarvan of die transaksie/transaksies vereffen is voor of op die vereffeningsdatum of vereffen moet word na die vereffeningsdatum van die ,, geldelike aanwas ", en waar die nodigheid vir vereffening tussen die verkopers en die kopers ontstaan het uit die Reëls en ooreenkomstig die instruksies van die Klaringskantoor geskied het.

(*b*) ,, Geldelike aanwasvereffening " word geag 'n private reëling tussen makelaar en makelaar te wees vir vereffening deur tussenkoms van die Klaringskantoor. Klante word nie deur hierdie reëling geraak nie. Die vereffening tussen makelaar en klant moet ooreenkomstig die bedinge van die transaksie geskied.

(xvii) Vir die doeleindes van opsietransaksies beteken—

(*a*) „ oproepopsie "..... Die aangekoopte reg om 'n getal aandele waaroor daar ooreengekom is, binne 'n gespesifiseerde tydperk teen 'n gespesifiseerde prys te koop;

(*b*) „ plasingsopsie "..... Die aangekoopte reg om 'n getal aandele waaroor daar ooreengekom is, binne 'n gespesifiseerde tydperk teen 'n gespesifiseerde prys te verkoop;

(*c*) „ plasings- of oproepopsie ". Die aangekoopte reg om 'n getal aandele waaroor daar ooreengekom is, binne 'n gespesifiseerde tydperk teen 'n gespesifiseerde prys te koop of te verkoop. Die opsie kan slegs in een rigting uitgeoefen word; d.w.s. die aandele kan òf gekoop òf verkoop word;

(*d*) „ oproep- of- meer-opsie " of „ plasing-of-meer-opsie " Die reg om addisionele aandele benewens dié wat gekoop of verkoop word, te koop of te verkoop. Die „ oproep-of-meer-opsie " of die „ plasings-of-meer-opsie " word op dieselfde manier uitgeoefen as 'n gewone „ oproepopsie " of „ plasingsopsie ";

(*e*) „ toeslaanprys "..... Die prys waarteen die effekte waarop daar 'n opsie is, van eienaar sal verwissel indien die opsie uitgeoefen word.

(xviii) „ Bo- en onderbedrae " beteken die geldelike verskille tussen die kontrakpryse en die vereffeningspryse van al die transaksies wat in elke Klaringskantoorsekuriteit aangegaan is tussen die een makelaar en 'n ander en wat ooreenkomstig die Klaringskantoorinstruksies bereken word deur, en vereffen moet word met, die Klaringskantoor op dié dag of dae gedurende die betrokke vereffeningstydperk wat van tyd tot tyd bepaal mag word.

(xix) „ Registerdatum ", in verband met 'n gelyste maatskappy, beteken die datum aan die einde waarvan òf—

(*a*) 'n register deur die maatskappy opgestel word van die name van sy aandeelhouers of 'n klas aandeel of klasse aandele en die getal aandele wat deur elkeen gehou word; òf

(*b*) die maatskappy se register van lede vir dieselfde doel gesluit word.

(xx) „ Aandeelbewysaanwasvereffening " beteken die vereffening van 'n „ aandeelbewysaanwas " op transaksies wat op die ex-datum oop was vir die toepaslike „ aandeelbewysaanwas " van 'n Klaringskantoorsekuriteit wat gelewer moet word deur die individuele verkopende makelaar wat dit saam met die toepaslike aandeelbewysaanwas verkoop het aan die betrokke kopende makelaar wat dit saam met die aanwas gekoop het, waar die noodsaaklikheid vir vereffening tussen verkopers en kopers voortvloei uit die Reëls en die Klaringskantoorinstruksies:—

(1) Op die ex-aandeelbewysaanwasdatum word die oorspronklike transaksie in twee dele onderverdeel. Die aandele in die oorspronklike transaksie het die toepaslike aandeelbewysaanwas verloor en maak deel 1 uit, en die aanwas maak deel 2 uit. Deel 2 is die onderwerp van 'n nuwe en afsonderlike onderhandeling waarvan die voorwaardes, bedinge en vereffeningsdatum vir die onderskeie klante bindend is op dieselfde manier as die oorspronklike transaksie ondanks die feit dat die vereffeningsdatum mag verskil van die vereffeningsdatum van die oorspronklike transaksie.

(2) Die vereffeningspryse van die twee gedeeltes van die oorspronklike transaksie word soos volg bepaal:—

(*a*) Regte—

(i) Die getal nie-betaalde regverlenende briewe wat vereffen moet word, word bereken volgens die getalsverhouding van die regte soos deur die maatskappy verklaar. Breuke van aandele word buite rekening gelaat en die getalle word „ afgerond " tot die eerste heelgetal daaronder.

(ii) Die transaksieprys vir die nie-betaalde regverlenende briewe word bepaal deur die geldbedrag wat aan die maatskappy betaal sal moet word, ten einde die reg uit te oefen om vir nuwe aandele in te skryf, af te trek van die teoretiese markwaarde van volopbetaalde nuwe aandele.

(iii) Die teoretiese markwaarde word bepaal deur die kontrakwaarde van die oop transaksie en die opneemwaarde van die nuwe aandele bymekaar te tel en dit te deel deur die som van die getal aandele wat in die oorspronklike transaksie ingesluit is en die getal aandele wat by die uitoefening van die reg opgeneem mag word.

(iv) Die kontrakwaarde ten opsigte van die oorspronklike transaksie moet op gepaste wyse aangepas word deur oorweging te skenk aan die prys wat vir nie-betaalde regverlenende briewe ingevolge paragraaf (ii) hierbo bepaal is.

(*b*) Kapitalisasie-uitgifte—

(i) Die getal kapitalisasie-aandele wat vereffen moet word, word bereken volgens die getal aandele in die oorspronklike transaksie en die kapitalisasiegetalsverhouding deur die maatskappy verklaar. Breuke van aandele word buite rekening gelaat en die getalle word „ afgerond " tot die eerste heelgetal daaronder.

(ii) Die transaksieprys vir die nuwe transaksie vir die kapitalisasie-aandele en die aangepaste prys vir die oorspronklike transaksie word bepaal deur die oorspronklike kontrak waarde te deel deur die totaal van die getal aandele wat betrokke is in die oorspronklike transaksie en die getal kapitalisasieaandele.

(iii) Die aanpassing van die bedinge en voorwaardes van die oorspronklike transaksie is bindend vir klante.

(iv) Ingeval 'n maatskappy besluit om breuke van aandele te verkoop en om die opbrengs onder die betrokke aandeelhouers te verdeel, moet die verskuldigde bedrae tussen die kopende en die verkopende makelaars vereffen word.

(xxi) Vir die toepassing van hierdie Reëls beteken die uitdrukking „ Sekretaris " die Hoofbestuurder en/of 'n ander persoon wat die Komitee vir die toepassing van hierdie omskrywing aangestel het.

(xxii) Die uitdrukking „ vereffeningstydperk " beteken die tydperk vir vereffening waaroor daar onderling ooreengekom is en wat beding is toe die transaksie vir die vereffening en voltooiing van 'n spesifieke transaksie aangegaan is. „ Vereffeningstydperk " word deur die Komitee bepaal deur elke kalenderjaar in 'n spesifieke getal gelyke of naastenby gelyke dele te verdeel. 'n Spesifieke nommer word aan elke deel toegeken, en daardie nommer is vir die kopende en die verkopende makelaars 'n aanduiding van die vereffeningstydperk waarin die transaksie vereffen en voltooi moet word. Die getal en duur van die vereffeningstydperke in 'n kalenderjaar of 'n deel van 'n jaar kan van tyd tot tyd deur die Komitee verander word.

(xxiii) „ Vereffeningsprys " beteken ten opsigte van elke Klaringskantoorsekuriteit die prys vir elke vereffeningsvoorbereidingswerksaamheid wat aan die einde van die vorige vereffeningstydperk bepaal word en wat gegrond is op die jongste verkoopsprys wat op die prysbord van die Effektebeurs in Johannesburg gedurende daardie tydperk aangeteken is.

Die vereffeningsprys is die prys—

(*a*) wat in verband met die transaksieprys gebruik word om die geldelike verskille ten opsigte van alle transaksies in daardie sekuriteit te bereken wat gedurende een vereffeningstydperk vereffen moet word. Hierdie verskille staan bekend as „ Bo- en onderbedrae ";

(*b*) wat die bedrag bepaal wat deur die ontvangende makelaar betaal moet word wanneer aandeelbewyse deur tussenkoms van die Klaringskantoor deur die lewerende makelaar aan hom gelewer word.

(xxiv) „ Vereffeningswaarde " beteken die waarde wat verkry word wanneer die vereffeningsprys met die getal aandele vermenigvuldig word.

(xxv) (*a*) Vir die toepassing van hierdie Reëls omvat die woorde „ effekte " of „ aandele " of „ sekuriteite ", tensy dit onbestaanbaar is met die sinsverband, ook effekte, aandele, obligasies, notas, opsies, eenhede van effekte wat in plaas van aandele uitgereik is, toewysingsbriewe, aannemingsbriewe, aansoekbriewe, toekenningsbriewe en ander titeldokumente, met inbegrip van enige vorm van reg op opsie om enigeen van voornoemde stukke te verkry, en „ opsies " soos in subreël (xvii) van reël 2 omskryf, en beteken die woord „ maatskappy " ook die Regering, 'n munisipaliteit of ander plaaslike owerheid of statutêre korporasie of 'n vereniging van persone.

(*b*) Die woorde „ aandeel " of „ aandele ", wanneer dit in verband met aandeelsertifikate gebruik word, en die woorde „ aandeelsertifikaat " of „ aandeelbewys " omvat, tensy dit onbestaanbaar is met die onderwerp of die sinsverband, ook „ tydelike titeldokumente ".

(xxvi) „ Kennisgewingbord van Effektebeurs " beteken enigeen van die kennisgewingborde in die Effektebeurssaal of in die voorportaal by die ingang daarvan, waarop die opskrif „ Amptelike kennisgewingbord van Effektebeurs " voorkom.

(xxvii) „ Tydelike titeldokument " beteken ook 'n „ gesertifiseerde transportakte " of „ saldokwitansie " of enige transportbewys wat ingevolge artikel 3 van die Wet op die Oordrag van Sekuriteite, 1965, geëndoseer is of enige ander vorm van maatskappyerkenning of titeldokument goedgekeur deur die Komitee en uitgereik deur 'n gelyste maatskappy wat ooreenkomstig Reël 200 *bis* deur die Komitee goedgekeur is.

REËL 3.

Dat Reël 3 geskrap en vervang word deur 'n nuwe Reël 3 wat soos volg lui:—

Reël 3.

Sonder om die algemene bevoegdhede soos in die voorafgaande reëls uiteengesit, te benadeel en behoudens die bepalings van genoemde Wet, omvat die bevoegdhede van die Komitee die volgende:—

(i) Om die manier en voorwaardes te bepaal waarop die sake van die Effektebeurs verrig moet word ten einde aan die bepalings van genoemde Wet te voldoen, om die sake van die Effektebeurs op dié manier te bestuur wat hy van tyd tot tyd nodig mag ag vir die doeltreffendheid daarvan en om lede van dié fasiliteite te voorsien wat die Komitee van tyd tot tyd nodig ag.

(ii) (*a*) Om 'n Klaringskantoor soos in Reël 217 omskryf, te verskaf en te finansier. Sodanige Klaringskantoorstelsel is 'n departement van die Effektebeurs, en die vernaamste oogmerk en primêre funksie daarvan is om 'n klaringstelsel te verskaf.

(*b*) Om teen 'n wins of andersins dié fasiliteite of dienste aan lede van die Effektebeurs te verskaf wat binne die vermoë van die personeel en van die masjinerie en uitrusting wat vir die doel van die klaringstelsel geïnstalleer is, val.

(*c*) Om 'n gegewensverwerkingsooreenkoms met ander aan te gaan waarby die gebruik van die Klaringskantoorpersoneel en/of sy masjinerie en uitrusting betrokke is.

(iii) Om te besluit oor die toelating tot lidmaatskap van 'n applikant en oor die uitsetting of skorsing van lede en hul klerke.

(iv) Om geskille tussen lede of tussen lede en hul klante te hoor, te ondersoek en daaroor te beslis.

(v) Om ondersoek in te stel na en te beslis oor alle klagtes, deur wie ook al ingedien, wat die karakter of handelwyse van 'n lid van die Effektebeurs of op enige ander manier die besigheidsreputasie van die Effektebeurs raak.

(vi) Om navraag te doen oor transaksies wat op die Effektebeurs aangegaan is of oor enige saak wat die Effektebeurs of sy lede of 'n maatskappy wie se aandele gelys word of die publiek raak, en lede moet dié inligting in verband met sodanige sake verstrek wat die Komitee mag vereis.

(vii) Om van tyd tot tyd reëls vir die goeie orde en bestuur van die Effektebeurs te maak.

(viii) Om van tyd tot tyd regulasies betreffende die beheer oor die sake van die Effektebeurs, ooreenkomstig Reël 23 aan te neem, te wysig of te herroep.

(ix) Om toelaes en pensioene toe te ken aan werknemers of gewese werknemers en om skenkings vir liefdadigheidsdoeleindes of vir enige openbare, algemene of nuttige doel te maak.

(x) Om aansoek te doen om 'n klubdranklisensie vir die gebruik van sy lede en dié klerke van lede ten opsigte van wie die Komitee dit raadsaam ag.

(xi) Om aansoek te doen om 'n effektebeurslisensie waarby die Effektebeurs gemagtig word om die besigheid van 'n effektebeurs op dié plek of plekke te dryf soos die Komitee mag besluit en om aansoek te doen om die jaarlikse hernuwing daarvan en om wysigings ten opsigte daarvan.

(xii) Om lewenslange erelidmaatskap toe te ken aan vorige presidente van die Effektebeurs wat tien jaar lank sonder onderbreking lid van die Komitee was en aan enige ander lid wat, na die mening van die Komitee, lewenslange erelidmaatskap verdien.

REËL 5.

Dat reël 5 geskrap en vervang word deur 'n nuwe Reël 5 wat soos volg lui:—

Reël 5.

Elke lid van die Komitee is deur die Effektebeurs gevrywaar teen alle aanspreeklikheid, koste, verliese en uitgawes wat 'n lid van die Komitee mag aangaan of waarvoor hy aanspreeklik mag word ten opsigte van enige saak of ding wat hy te goeder trou in die uitvoering of die beweerde uitvoering van sy pligte of van 'n bevoegdheid, magtiging of diskresie wat aan hom verleen is, mag doen, afgesien daarvan of hy dit doen in sy hoedanigheid van 'n lid van die Komitee, in sy hoedanigheid van 'n trustee van die Waarborgfonds soos in Aanhangsel A hiervan bedoel of in sy hoedanigheid van direkteur van 'n maatskappy wat deur die Effektebeurs beheer word, met inbegrip van alle aanspreeklikheid, koste, verliese of uitgawes as gevolg van 'n fout, vergissing of versuim van die kant van sodanige lid van die Komitee, en dit is die plig van die Komitee om al sodanige aanspreeklikheid, koste verliese en uitgawes uit die fondse van die Effektebeurs te bestry.

REËL 23.

Dat Reël 23 geskrap en vervang word deur 'n nuwe Reël 23 wat soos volg lui:—

Reël 23.

Die Komitee kan by wyse van 'n besluit geneem deur 'n meerderheid van minstens twee derdes van die lede van die Komitee wat teenwoordig is op 'n vergadering wat spesiaal vir daardie doel byeengeroep is, 'n regulasie of regulasies vir die bestuur van die sake van die Effektebeurs aanneem, wysig of herroep, met dien verstande dat sodanige regulasies—

(i) spesifiek by 'n reël of reëls van Effektebeurs gemagtig en vooraf deur die Registrateur van Finansiële Instellings goedgekeur is; of

(ii) beperk is tot sake van suiwer interne of huishoudelike belang vir die Effektebeurs; of

(iii) nie die belange van die publiek raak nie of nie met 'n bepaling van die Wet of met 'n regulasie wat daarkragtens gemaak is of gemaak sal word, strydig is nie; en

nie met enigeen van die Reëls van die Effektebeurs strydig is nie.

Al sodanige regulasies moet op die kennisgewing bord van die Effektebeurs aangebring word.

REËL 27.

Dat Reël 27 geskrap en vervang word deur 'n nuwe Reël 27 wat soos volg lui:—

Reël 27.

Die Komitee kan 'n lid van die Effektebeurs, 'n junior lid, 'n klerk of 'n werknemer berispe, uitsit of skors wat—

(i) versuim het om aan enigeen van die bepalings van genoemde Wet of die regulasies wat daarkragtens opgestel is, te voldoen;

(ii) enigeen van hierdie Reëls of die regulasies wat kragtens Reël 23 aangeneem is, geskend het of gepoog het om dit te skend;

(iii) 'n daad gepleeg het wat na die mening van 'n meerderheid van twee derdes van die Komiteelede wat op 'n Komiteevergadering verteenwoordig is, nadelig is vir die belange, goeie naam of welsyn van die Effektebeurs;

(iv) 'n daad gepleeg het of gepoog het om dit te pleeg met die doel om bedrog te pleeg of kontant of aandeelbewyse van die Klaringskantoor of van 'n makelaarslid wederregtelik toe te eien;

(v) versuim het om aan 'n beslissing van die Komitee te voldoen;

(vi) hom skuldig gemaak het aan eerlose of skandelike gedrag;

(vii) hom op 'n onbehoorlike of skandelike manier gedra het op die perseel van die Effektebeurs of elders;

(viii) opsetlik die besigheid van die Effektebeurs gedwarsboom het;

(ix) versuim het om op enige dag of dae die bedrag of bedrae wat nodig is om sy verpligtings teenoor die Klaringskantoor na te kom, by die Klaringskantoor te deponeer, afgesien daarvan of die Effektebeurs 'n waarborg vir sodanige verpligtings hou of nie;

(x) versuim het om 'n boete te betaal wat kragtens Reël 217 (xix) opgelê is.

Reël 171 tot en met 179 is op 'n lid wat uitgesit is, van toepassing op dieselfde manier asof sodanige lid 'n wanbetaler is.

REËL 61.

Dat paragraaf (*a*) van subreël (iv) van Reël 61 geskrap en vervang word deur 'n nuwe paragraaf (*a*) wat soos volg lui:—

61. (iv) (*a*) Makelaarslede, firmas en maatskappye moet daarbenewens aan die Effektebeurs 'n omsetledegeld betaal wat gegrond is op die getal aandele wat gekoop is, hetsy op die Johannesburgse vloer of elders in Suid-Afrika en afgesien daarvan of dit namens klante of op 'n ander manier aangekoop is, en die aankoopgedeelte van „ deursittransaksies " en „ dratransaksies " word hierby ingesluit. Die tydperk of tydperke wat deur die betaling van sodanige omsetledegelde gedek word, moet van tyd tot tyd deur die Komitee bepaal word.

REËL 61.

Dat die volgende nuwe subreël (v) van Reël 61 ingevoeg word:—

Reël 61.

(v) Lede wat die Klaringskantoor gebruik, moet aan die Effektebeurs dié gelde en koste van klaringswerk en ander dienste betaal wat die Komitee van tyd tot tyd mag voorskryf.

Reël 61.

Dat die bestaande subreëls (v), (vi) (vii) en (viii) van Reël 61 hernommer word sodat dit onderskeidelik (vi), (vii), (viii) en (ix) is.

Reël 61.

Dat paragraaf (*b*) van die bestaande subreël (v) wat nou hernommer is as subreël (vi), geskrap en vervang word deur 'n nuwe paragraaf (*b*) wat soos volg lui:—

61. (vi) (*b*) Die Komitee kan van tyd tot tyd by wyse van 'n besluit die prosedure bepaal wat gevolg moet word in verband met die berekening en betaling van die koste wat in subreëls (iv) en (v) bedoel word.

REËL 61 *bis*.

Dat die volgende nuwe Reël 61 *bis* ingevoeg word:—

Reël 61 bis.

'n Lid moet alle rente of ander koste wat opgeloop het of aangegaan is weens sy versuim om sy tjek of tjeks ter volle vereffening van die aandeelbewyse wat uit die Klaringskantoor verwyder is, te deponeer aan die Effektebeurs terugbetaal.

REËL 69.

Dat die bestaande Reël 69 geskrap en vervang word deur 'n nuwe Reël 69 wat soos volg lui:—

Reël 69.

(i) Elke lid moet 'n adres by die Sekretaris van die Effektebeurs registreer.

(ii) Elke makelaarslid moet sy besigheidsadres en ook, indien van toepassing, die besigheidsadres van elke takkantoor waar alle kennisgewings wat ingevolge hierdie reëls vereis word, en alle makelaarsnotas, aandeelbewyse en ander dokumente afgelewer mag word, registreer; met dien verstande—

(*a*) dat Johannesburgse besigheidsadresse waar aandeelbewyse afgelewer mag word, onderworpe is aan die goedkeuring van die Komitee;

(*b*) dat geen adres by 'n klub, hotel of soortgelyke plek geag word 'n adres te wees wat aan hierdie reël voldoen nie;

(*c*) dat 'n lid wat sake onderneem in 'n ander sentrum as Johannesburg, die Effektebeurs spesifiek mag versoek om sy korrespondensie, omsendbriewe, kennisgewings, ens., te adresseer aan sy posbusnommer, en in so 'n geval word òf die besigheidsadres òf die posbusnommer geag die geregistreerde adres van die lid te wees;

(*d*) dat kopieë van Effektebeurskennisgewings, „The Stock Exchange Gazette", adviesbriewe en makelaarsnotas aan lede wat in Johannesburg sake doen, afgelewer kan word deur dit te plaas in die busse wat op die vyfde verdieping van die Effektebeursgebou vir daardie doel verskaf word;

(*e*) dat kennisgewings van die Klaringskantoor aan 'n lid wat in Johannesburg sake doen, geag word behoorlik afgelewer te wees indien die kennisgewing in sy bus in die Klaringskantoor geplaas word op 'n tyd wat hy wettiglik toegang daartoe het.

(iii) Kennis wat ingevolge hierdie reëls aan 'n lid gegee moet word, word geag behoorlik gegee te wees indien dit aan die laasbekende geregistreerde adres van sodanige lid gepos of aan die laasbekende geregistreerde besigheidsadres in Johannesburg afgelewer word. As sodanige lid nie sy adres by die Sekretaris geregistreer het nie, moet sodanige kennisgewing in 'n verseëlde geadresseerde koevert geplaas en op die kennisgewingbord van die Effektebeurs vasgesteek word.

(iv) 'n Lid wat nie aan hierdie reël voldoen nie, kan ingevolge Reël 27 behandel word.

REËL 109.

Dat die volgende nuwe Reël 109 ingevoeg word:—

Reël 109.

Geen klant van 'n lid het die reg om 'n transaksie te repudieer indien lewering nie teen die einde van die vereffeningstydperk genoem in die makelaar se kennisgewings, voltooi is nie tensy—

(*a*) hy die makelaar skriftelik aansê om genoemde aandele binne tien dae te lewer; en

(*b*) die makelaar versuim het om die aandele binne die tydperk genoem in (*a*), te lewer.

REËL 118.

Dat Reëls 118 en 133 geskrap en vervang word deur 'n nuwe Reël 118 wat soos volg lui:—

Reël 118.

(i) 'n Aanbod om te koop om te verkoop teen 'n prys wat gemerk word, word geag bedoel te wees vir vereffening gedurende die eersvolgende vereffeningstydperk tensy sodanige aanbod voorafgegaan is deur 'n verklaring wat die spesifieke vereffeningstydperk meld waarin vereffening sal geskied.

(ii) Alle verkope tussen makelaars, afgesien van die plek waar dit geskied en of dit in sekuriteite van die Klaringskantoor is of nie, word geag bedoel te wees vir vereffening gedurende die vereffeningstydperk soos in subreël (i) bepaal; met dien verstande dat die datum van vereffening van transaksies in prima sekuriteite en dié van onmiddellik transaksies 'n datum moet wees waaroor die koper en die verkoper onderling ooreen moet kom.

(iii) Makelaars kan, by wyse van onderlinge ooreenkoms—

(*a*) die gemelde vereffeningstydperk vir die voltooiing van 'n transaksie wysig mits die klante nie deur sodanige wysiging gebind word nie, tensy hulle daarmee instem;

(*b*) enige transaksie intrek ten einde 'n fout te verhelp.

Die betrokke makelaars moet die vorms wat van tyd tot tyd deur die Komitee voorgeskryf word, invul en voorlê.

(iv) Wanneer 'n transaksie aangegaan word op die voorwaarde dat dit 'n „ transaksie volgens die verkoper se opsietyd " is, moet sodanige transaksie vereffen word in die sewende vereffeningstydperk nadat die kontrak aangegaan is; met dien verstande dat die vereffening tot uiters die tweede vereffeningstydperk nadat die kontrak aangegaan is, vervroeg kan word indien die verkoper daarop aandring, en die koper het geen reg om beswaar hierteen te maak nie.

(v) Wanneer 'n transaksie aangegaan is op die voorwaarde dat dit 'n „ transaksie volgens die koper se opsietyd " is, moet sodanige transaksie vereffen word in die transaksietydperk wat die koper mag beding wanneer die transaksie aangegaan word òf die vroeër vereffeningstydperk wat die koper daarna mag vereis.

REËL 119.

Dat Reël 119 geskrap en vervang word deur 'n nuwe Reël 119 wat soos volg lui:—

Reël 119.

Die Komitee moet van tyd tot tyd by regulasie dié bepalings voorskryf wat van toepassing is op die denominasies waarin sertifikate ten opsigte van effekte en aandele en tydelike titeldokumente òf deur middel van die Klaringskantoor òf tussen makelaar en makelaar regstreeks, na gelang van die geval, gelewer moet word. Klante is verplig om òf verhandelbare aandeelsertifikate òf verhandelbare tydelike titeldokumente as vereffening in enige transaksie te aanvaar.

REËL 129.

Dat reël 129 geskrap en vervang word deur 'n nuwe Reël 129 wat soos volg lui:—

Reël 129.

(i) 'n Makelaar aan wie effekte of aandele ingevolge 'n vereffeningstaat van die Klaringskantoor gelewer moet word (d.w.s. die ontvangende makelaar), kan by ontvangs van sy vereffeningstaat die makelaar wat daarvoor verantwoordelik is om die effekte of aandele ingevolge 'n vereffeningstaat van die Klaringskantoor aan hom te lewer (d.w.s. die lewerende makelaar), skriftelik teen 'n datum en tyd wat die Komitee moet voorskryf, meedeel dat hy lewering gedurende daardie vereffeningstydperk vereis. Indien die lewerende makelaar versuim om daaraan te voldoen, het die ontvangende makelaar die reg om die effekte of aandele te laat inkoop.

(ii) Wanneer effekte of aandele wat nie by dié wat aan 'n Klaringskantoorvereffening onderworpe is nie, nie deur die verkopende makelaar ooreenkomstig die aankoping gelewer word nie, het die aankopende makelaar die reg om die effekte of aandele te laat inkoop.

(iii) Indien daartoe versoek deur die ontvangende makelaar kragtens (i) hierbo of deur die aankopende makelaar kragtens (ii) hierbo, moet die Sekretaris van die Effektebeurs sodanige effekte of aandele vir onmiddellike vereffening inkoop.

(iv) Indien die Sekretaris van die Effektebeurs versoek word om effekte of aandele ingevolge Reël 131 of hierdie reël in te koop, en indien dit moeilik is om die effekte of aandele wat ingekoop moet word, te verkry of indien die prys wat betaal moet word, buitensporig is of indien sodanige effekte of aandele nie op die oop mark verkrygbaar is nie, het die Sekretaris die bevoegdheid om na sy goedvinde 'n dringende vergadering van die Komitee te belê, en die Komitee kan dan besluit oor 'n opmaakprys waarvolgens die verskil wat deur die lewerende makelaar/verkopende makelaar aan die ontvangende makelaar/kopende makelaar, of andersom, verskuldig is, bepaal moet word.

(v) Tensy die Komitee anders gelas, moet die effekte of aandele wat aldus ingekoop is, deur die verkopende makelaar regstreeks aan die ontvangende makelaar/aankopende makelaar gelewer word.

REËL 132 *quat.*

Dat Reël 132 *quat* geskrap en vervang word deur 'n nuwe Reël 132 *quat* wat soos volg lui:—

Reël 132 *quat.*

Die Komitee besit die bevoegdheid om van tyd tot tyd die voorwaardes te bepaal waarop onvoltooide transaksies in ondergenoemde effekte of aandele voltooi moet word en kan in die besonder die tyd vir lewering en betaling verleng of uitstel wanneer dit na sy mening in die openbare belang of volgens handelsbeginsels regverdig en billik is:—

(i) Effekte en aandele waarvan die lysting beëindig is of wat nog oorweeg of ondersoek word;

(ii) Ongelyste effekte of aandele in 'n maatskappy, waar die lysting of notering op 'n erkende effektebeurs buite die Republiek deur sodanige erkende beurs opgeskort, ingetrek of verwyder is. Tensy anders bepaal deur die Komitee, moet transaksies in sodanige effekte en aandele ingevolge die bedinge van die transaksie voltooi word.

Hierdie reël is bindend vir lede en hul lasgewers. Die spesifieke bepalings wat in hierdie reël vervat is, raak nie die vraag of ander reëls vir lede en hul lasgewers bindend is nie.

REËL 132 *quin.*

Dat die volgende nuwe Reël 132 *quin* ingevoeg word:—

Reël 132 *quin.*

Geen lid mag in effekte of aandele ten opsigte waarvan die lysting opgeskort is, handel dryf nie. In die geval van transaksies wat ten tyde van die opskorting oop transaksies is soos in Reël 176 (i) omskryf maar wat spesiale transaksies insluit soos in Reël 147 *quat* omskryf, moet die verkoper/leweraar die koper/ontvanger onmiddellik verwittig of hy in staat sal wees om die aandeelbewyse ingevolge die transaksie te lewer, en in so 'n geval moet die transaksie dienooreenkomstig voltooi word. As die verkoper/leweraar nie in staat is om die aandeelbewyse ooreenkomstig die transaksie te lewer nie, moet die transaksie op die vervaldatum gesluit word, en alle verskille moet dan gegrond op 'n prys wat die Komitee moet bepaal. Gedeeltelik voltooide transaksies soos in Reël 176 (i) omskryf, moet ooreenkomstig die bedinge van die transaksie voltooi word.

REËL 134.

Dat Reël 134 geskrap en vervang word deur 'n nuwe Reël 134 wat soos volg lui:—

(i) Die Klaringskantoor moet tussen dié ure wat die Komitee van tyd tot tyd mag voorskryf, oop wees om aandeelbewyse van die lewerende makelaar te ontvang.

(ii) Geen lewerende makelaar mag aandeelbewyse buite die vasgestelde ure lewer nie.

(iii) Alleenlik aandeelbewyse wat op die vereffeningstaat vir die tydperk gemeld word, kan wettiglik gedurende daardie tydperk gelewer word.

(iv) Indien die verkoper van effekte of aandele wat nie Klaringskantoorsekuriteite is nie, dit nie voor of op die tyd op die vervaldatum wat die Komitee van tyd tot tyd by regulasie mag voorskryf, lewer nie, is die koper nie verplig om die aandele voor dieselfde uur op die daaropvolgende besigheidsdag te ontvang en daarvoor te betaal nie.

REËL 135.

Dat Reël 135 geskrap en vervang word deur 'n nuwe Reël 135 wat soos volg lui:—

Reël 135.

(i) 'n Verkoper van aandele wat op 'n ander manier as deur tussenkoms van die Klaringskantoor besit van die aandeelbewyse aan die aankopende makelaar afstaan voordat hy betaling daarvoor in kontant of per vooruitgedateerde tjek ontvang het, word geag krediet te verleen het vir die teenprestasie wat ten opsigte daarvan betaalbaar is.

(ii) Met uitsondering van die bedrae wat deur tussenkoms van die Klaringskantoor verskuldig is, kan 'n lid te eniger tyd 'n tjek wat deur 'n bank gesertifiseer is of banknote vereis vir aandele of effekte wat hy verkoop het.

REËL 136.

Dat Reël 136 geskrap en vervang word deur 'n nuwe Reël 136 wat soos volg lui:—

Reël 136.

(i) Die makelaar wat effekte of aandele lewer, is, behoudens onderstaande bepalings, verantwoordelik vir die egtheid en reëlmatigheid daarvan en vir die egtheid en reëlmatigheid van alle dokumente wat vir die oordrag daarvan nodig is en vir die toevallige aanwas wat ten tyde van die verkoop of gedurende die looptyd van die transaksie toegeval het en wat later deur die betrokke maatskappy betaal of gestand gedoen word:—

(*a*) 'n Makelaar wat defekte of bedorwe aandeelbewyse ontvang, het regresreg teen die makelaar wat sodanige aandeelbewyse aan hom gelewer het.

(*b*) Waar defekte of bedorwe aandeelbewyse deur tussenkoms van die Klaringskantoor gelewer is, is die Klaringskantoor nie vir die rektifisering van die saak of vir die versekering dat dit gerektifiseer sal word, verantwoordelik nie.

(*c*) Waar defekte of bedorwe Klaringskantoorsekuriteite teruggestuur of vervang word, moet dit deur tussenkoms van die Klaringskantoor gedoen word.

(ii) Waar daar in aandele met 'n toevallige aanwas handel gedryf word en die aandeelbewyse vir lewering aangebied word en die aankopende makelaar/ontvangende makelaar voldoende tyd voor of op die registrasie datum gehad het om die aandele vir die doel om 'n toevallige aanwas te registreer, dan word die transaksie geag gesluit te wees en is die verkopende makelaar/lewerende makelaar nie vir die toevallige aanwas aanspreeklik nie en het die aankopende makelaar/ontvangende makelaar slegs 'n eis teen die geregistreerde houer.

(iii) Waar daar in aandele met 'n toevallige aanwas handel gedryf word en die aankopende makelaar/ontvangende makelaar by lewering van die aandeelbewys nie genoeg tyd gegee is om die aandele voor of op die registerdatum vir die doel van sodanige toevallige aanwas te registreer nie of as die aandeelbewys gelewer word tussen die registerdatum en die laaste datum van die transaksie, word die transaksie geag gedeeltelik voltooi te wees en is die volgende van toepassing:—

(*a*) *Geldelike aanwas.*—Die verkopende/lewerende makelaar is aan die kopende/ontvangende makelaar verantwoordelik vir die geldelike aanwas, wat op die eerste dag van die vereffeningstydperk wat volg op die datum waarop die maatskappy die aanwas betaal het, deur eersgenoemde makelaar aan laasgenoemde makelaar betaal moet word.

(*b*) *Aandeelbewysaanwas.*—Die verkopende/lewerende makelaar is aan die kopende/ontvangende makelaar verantwoordelik vir die aandeelbewysaanwas, wat deur eersgenoemde makelaar aan laasgenoemde makelaar gelewer moet word gedurende die vereffeningstydperk wat onmiddellik volg op die eerste datum waarop die betrokke titeldokument gereed is vir uitreiking deur die maatskappy.

(iv) Die tyd waarop aandeelbewyse deur tussenkoms van die Klaringskantoor gelewer word, word geag die tyd te wees waarop die koevert wat die aandeelbewyse bevat, by die Klaringskantoor ingelewer is.

(v) Waar transaksies met 'n toevallige aanwas vereffen moet word na die registerdatum vir sodanige toevallige aanwas, is die verkopende/lewerende makelaar verantwoordelik vir sodanige toevallige aanwas, wat soos volg gestand gedoen moet word:—

(*a*) *Geldelike aanwas.*—Betaling moet geskied op die eerste dag van die vereffeningstydperk wat volg op die datum van betaling deur die Maatskappy:—

(i) in Klaringskantoorsekuriteite—aan die Klaringskantoor ten behoewe van die kopende/ontvangende makelaar;

(ii) in alle ander sekuriteite—aan die kopende makelaar.

(*b*) (i) Aandeelbewysaanwasse word die onderwerp van 'n nuwe en afsonderlike transaksie wat ingevolge sodanige transaksie vereffen moet word; met dien verstande dat sodanige transaksie nie vroeër vereffen hoef te word nie as gedurende die daaropvolgende vereffeningstydperk wat volg op die datum waarop die betrokke titeldokument gereed sal wees vir uitreiking deur die betrokke maatskappy. Behoudens subreël (vi) hieronder, is hierdie bepaling op alle aandeelbewysaanwasse van toepassing afgesien daarvan of die transaksie deur tussenkoms van die Klaringskantoor vereffen moet word of nie.

(*b*) (ii) Die bepalings van Reël 120 is onder andere van toepassing op die transaksie bedoel in (i) hierbo in gevalle van nie-betaalde regverlenende briewe of ander dergelike titeldokumente.

(vi) In die geval van regte ten opsigte waarvan geen afstaanbare titeldokument uitgereik is nie of die afstaanbare titeldokument wat uitgereik is, nie gelys is nie, moet die kopende makelaar die verkopende makelaar skriftelik in kennis stel as die kopende makelaar sodanige regte wil uitoefen, en indien hy dit wil doen, moet hy die bedrag wat vir die doel nodig is, betyds genoeg aanbied om die regte te beskerm. Lewering van sodanige regte geskied binne sewe dae vanaf hul datum van uitreiking of by voltooiing van die oorspronklike transaksie, nl. die jongste datum.

(vii) (*a*) Waar dividende, kontantbonusse of bonusaandele vry van teenwaardes opgeloop het of oploop gedurende die geldigheidstermyn van 'n oproepopsie, is die verkopende makelaar verantwoordelik vir slegs die lewering van dié dividend/kontantbonus/bonusaandele waarop geen betaling by die uitoefening van sodanige „ oproep " verskuldig is nie, en daarna moet sodanige aflewering geskied op die datum van die uitoefening van die oproep of binne sewe dae vanaf die betrokke betaling van die dividende/kontantbonusse of die uitreiking van die bonusaandele, nl. die jongste datum.

(*b*) Waar regte gedurende die termyn van 'n oproepopsie opgeloop het of nog oploop, moet die kopende makelaar aan die verkopende makelaar die bedrag aanbied wat vir die doel nodig is en wel betyds genoeg om die regte te laat beskerm deur die verkopende makelaar, en as die oproep dan uitgeoefen word, is die kopende makelaar geregtig op die lewering van sodanige regte by die uitoefening van die oproep of binne sewe dae na die uitreiking daarvan, nl. die jongste datum. As die oproep nie uitgeoefen word nie, moet die verkopende makelaar die kontant wat die kopende makelaar betaal het, terugbetaal of die regte wat daardeur verkry is, aan hom lewer.

(*c*) In die geval van regte wat aanwas gedurende die looptyd van 'n plasingsopsie, moet die makelaar wat die opsie verkoop het, die makelaar wat die opsie gekoop het, 24 uur voor die verstryking van die tyd waarop daar om die regte aansoek gedoen moet word, skriftelik meedeel of hy die regte sal verkry ingeval die opsie uitgeoefen word. Indien die antwoord bevestigend is en ingeval die opsie uitgeoefen word, moet die makelaar wat die opsie gekoop het, sodanige regte lewer en moet die makelaar wat die opsie verkoop het, sodanige regte aanvaar teen betaling van die prys waarteen dit uitgereik is.

(viii) Waar effekte of aandele verkoop word wat nie sonder die toestemming of goedkeuring van die direkteurs of van 'n verteenwoordiger van die betrokke maatskappy of genootskap aangeskaf of oorgedra kan word nie, is die kopende makelaar verantwoordelik vir die verkryging van sodanige toestemming of goedkeuring.

REËL 137.

Dat die bestaande Reël 137 geskrap en vervang word deur 'n nuwe Reël 137 wat soos volg lui:—

Reël 137.

Die Komitee moet van tyd tot tyd dié formules wat hy na sy goedvinde dienstig ag, voorskryf waarvolgens die prosedure vir transaksies in en die registerdatum van een of meer van die volgende voordele, regte, gebeurtenisse of ander toevallige aanwasse wat uit die eiendomsreg op effekte of aandele voortspruit, beheer en bepaal word:—

(*a*) Dividend.
(*b*) Kontantbonus.
(*c*) Teruggawe van kapitaal.
(*d*) Likwidasiedistribusie.
(*e*) Rente.
(*f*) Regte.
(*g*) Omskeppingsreg.
(*h*) Kapitalisasieuitgifte.
(*i*) Rekonstruksie van kapitaal.
(*j*) Oornamebod.
(*k*) Aanbod om te koop.
(*l*) Uitruil van aandele.
(*m*) Amalgamasies.
(*n*) Opsies op aandele.

In die geval van 'n toevallige aanwas waarvoor daar nie hierbo voorsiening gemaak word nie, word die betrokke aandele met uitsondering van sodanige toevallige aanwas verklaar en wel op die manier wat die Komitee mag bepaal.

REËL 138.

Dat die volgende nuwe Reël 138 ingevoeg word:—

Reël 138.

Alle transaksies is onderworpe aan dié voorwaarde dat geen klant aandeelsertifikate wat met 'n spesifieke transaksie met 'n bepaalde verkopende makelaar in verband gebring of geïdentifiseer kan word, van sy makelaar mag eis of daarop mag aandring nie; ook mag 'n klant van 'n verkopende makelaar nie daarop aandring nie dat die aandeelsertifikate wat hy aan sy makelaar lewer, aan 'n spesifieke makelaar gelewer moet word ter vereffening van 'n bepaalde transaksie.

REËL 141.

Dat Reël 141 geskrap word.

REËL 142.

Dat Reël 142 geskrap en vervang word deur 'n nuwe Reël 142 wat soos volg lui:—

Reël 142.

In alle gevalle van opsietransaksies—

(i) moet die opsiegelde wat deur die koper van die opsie betaalbaar is, gedurende die eersvolgende vereffeningstydperk vereffen word;

(ii) kan daar op enige dag tot en met die dag waarop die opsie verval, skriftelik kennis gegee word van die uitoefening van die opsie om „ op te roep " of „ deur te voer "; met dien verstande dat kennis op die finale dag nie later as 1.00 nm. gegee mag word nie, en albei makelaarsfirmas wat 'n party by die transaksie is, moet voldoen aan dié regulasies wat van toepassing mag wees op die aanmelding of uitoefening van opsies;

(iii) moet die verkoper nie later as 12.00 in die middag op die datum waarop die opsie verval, die koper skriftelik in kennis stel dat die „ deurvoer " of die „ oproep " sal verval, tensy die koper sy opsie uitgeoefen het;

(iv) word effekte of aandele gelewer gedurende die eersvolgende vereffeningstydperk tensy beide die koper en die verkoper van die opsie anders ooreenkom.

REËL 144.

Dat Reël 144 geskrap word.

REËL 145.

Dat Reël 145 geskrap word.

REËL 145.

Dat Reël 145 *bis* geskrap en vervang word deur 'n nuwe Reël 145 wat soos volg lui:—

Reël 145.

Waar 'n lid wat buite die Munisipaliteit van Johannesburg handel dryf, effekte of aandele vir 'n klant koop, is hy nie verplig om sodanige effekte of aandele te lewer nie totdat vier besigheidsdae verloop het vanaf die datum waarop dit ingevolge Reël 118 gelewer moet word.

REËL 147 *ter*.

Dat Reël 147 *ter* geskrap en vervang word deur 'n nuwe Reël 147 *ter* wat soos volg lui:—

Reël 147 ter.

'n Makelaar wat opdrag ontvang het om dieselfde effekte of aandele wat in Reël 147 bedoel word, te koop en te verkoop, kan hierdie transaksies op die volgende manier verrig:—

(i) 'n Makelaar wat in Kaapstad of Durban of Johannesburg sake doen, kan die transaksie deur tussenkoms van 'n ander makelaar afhandel; met dien verstande dat—

(*a*) die makelaar die mark in genoemde effekte of aandele moet toets deur 'n dubbele prys te stel ten einde 'n prys te bepaal wat in die heersende marktoestande vir beide die koper en die verkoper redelik en billik is. Voordat die makelaar die „ deursit "-transaksie sluit, moet hy 'n beskrywing van die effekte of aandele en die prys waarteen hy voornemens is om die transaksie deur te sit, met 'n luide stem aankondig. As 'n lid aanbied om die effekte of aandele of 100 van hulle te koop teen 'n prys wat hoër is as die „ deursit "-prys of wat aanbied om die effekte of aandele of 100 van hulle teen 'n laer prys te koop as die voorgestelde „ deursit "-prys, moet die „ deursit "-transaksie afgesluit word ten opsigte van die res van die effekte of aandele wat nie aldus gekoop of verkoop is nie;

(*b*) die transaksie deur tussenkoms van 'n ander makelaarslid op die vloer van die beurs deurgesit moet word en dat geen sodanige makelaarslid die transaksies mag deursit nie tensy hy daarvan oortuig is dat die prys redelik en billik is;

(*c*) in die geval van Klaringskantoorsekuriteite, die makelaar wat die transaksie begin het, by die sluiting van 'n deursit-transaksie beide die koop en die verkoop aan die Klaringskantoor moet rapporteer, en die makelaar wat as skeidsregter opgetree het en deur tussenkoms van wie die transaksie ingevolge paragraaf (*b*) hierbo deurgesit is, moet een verslag wat behoorlik gemerk is as bewys dat hy as getuie en skeidsregter by die transaksie opgetree het, aan die Klaringskantoor voorlê;

(*d*) in die geval van nie-ingeklaarde sekuriteite wat nie aan die instruksies van die Klaringskantoor onderworpe is nie, albei partye by die sluiting van die deursittransaksie moet verseker dat die amptelike vorm ingevul word met die besonderhede van die transaksie, dat hulle dit onderteken en dat die vorms vir registrasiedoeleindes by die Sekretaris ingelewer word;

(*e*) beide partye bereid moet wees om ten alle tye die prys, die ander voorwaardes van die transaksie en die egtheid daarvan by die Komitee te regverdig;

(*f*) behoudens die bepalings van Reël 147 *quat*, geen lid 'n deursittransaksie op 'n ander wyse as ooreenkomstig hierdie reël mag aangaan nie;

(*g*) enigeen van die partye by die deursittransaksie deur tussenkoms van sy agent soos in Reël 78 bedoel, kan optree;

(*h*) makelaarsgelde gevorder moet word ten opsigte van beide die koop en die verkoop waaruit die deursittransaksie bestaan.

(ii) 'n Makelaar wat sake doen in 'n ander gebied of gebiede as die bedoel in subklousule (i) hierbo kan die transaksies op die volgende manier deursit:—

(i) Die lid moet die toestemming van beide partye verkry om die transaksie te sluit teen die prys waaroor daar ooreengekom is.

(ii) Die prys waaroor daar ooreengekom is, moet redelik wees, en die lid moet te alle tye bereid wees om die transaksie by die Komitee te regverdig.

Makelaarsgelde moet gevorder word ten opsigte van beide die koop en die verkoop.

Die makelaarsnotas wat ten opsigte van die transaksie uitgereik word, moet onderskeidelik een van die volgende volgende endossemente bevat:—

(*a*) Soos met u ooreengekom, is hierdie aandele verkoop aan 'n klant van wie makelaarsgelde gevorder is.

(*b*) Soos met u ooreengekom, is hierdie aandele aangekoop van 'n klant van wie makelaarsgelde gevorder is.

(iii) (*a*) Aangesien die bedrag wat deur die een party by die transaksie verskuldig is, outomaties in mindering gebring sal word teen die bedrag wat deur die ander party verskuldig is, moet daar geen tjeks gewissel word nie.

(*b*) In die geval van transaksies wat nie deur tussenkoms van die Klaringskantoor vereffen moet word nie, moet adviesnotas tussen die makelaars gewissel word.

(*c*) Die transaksie moet in die boeke van beide makelaars aangeteken word en daarin moet duidelik gemeld word dat die transaksie 'n „ deursittransaksie " is.

REËL 148.

Dat Reël 148 geskrap en vervang word deur 'n nuwe Reël 148 wat soos volg lui:—

Reël 148.

Adviesnotas word nie vereis nie in gevalle waar transaksies tussen makelaarslede deur tussenkoms van die Klaringskantoor vereffen moet word. In die geval van alle ander transaksies tussen makelaarslede moet adviesnotas voor of om 12.30 nm. op die besigheidsdag onmiddellik na die transaksie afgelewer word.

REËL 152.

Dat Reël 152 geskrap word.

REËL 153.

Dat Reël 153 geskrap en vervang word deur 'n nuwe Reël 153 wat soos volg lui:—

Reël 153.

(i) Kopende makelaars is persoonlik aan verkopende makelaars verantwoordelik en verkopende makelaars is persoonlik aan kopende makelaars verantwoordelik vir die behoorlike uitvoering van alle transaksies wat tussen hulle aangegaan is. Sodanige uitvoering bestaan daaruit dat die prosedure van die Klaringskantoor gevolg en nagekom word.

(ii) Makelaars is aan hul klante verantwoordelik vir die behoorlike uitvoering van alle transaksies wat namens hulle aangegaan is. 'n Makelaarslid is 'n „ del credere "-agent in die sin dat hy waarborg dat die transaksie deur die ander party by die transaksie uitgevoer sal word.

OPMERKING.—Die woorde „ ander party " word gebruik ten einde „ deursittransaksies " te dek.

REËL 154.

Dat Reël 93 en Reël 154 geskrap en vervang word deur 'n nuwe Reël 154 wat soos volg lui:—

Reël 154.

Die Komitee moet regulasies invoer vir die aantekening en van en verslaggewing oor elke transaksie in effekte en aandele wat tussenmakelaar en makelaar—behalwe wanneer die een as 'n agent vir die ander optree—aangegaan word, afgesien van die dorp of stad waarin die betrokke makelaars sake verrig. Elke makelaarsfirma is daarvoor verantwoordelik om aan die betrokke Effektebeursbeampte/-beamptes die besonderhede wat vir elke transaksie in gelyste of ongelyste sekuriteite vereis word, te rapporteer op die vorm, as daar is, wat by regulasie voorgeskryf word. Makelaarsfirmas wat in Johannesburg sake doen, moet 'n handelaarsmarknotaboek hou waarin dié inligting aangeteken word wat dié Klaringskantoor mag verlang.

REËL 155.

Dat Reël 155 geskrap en vervang word deur 'n nuwe Reël 155 wat soos volg lui:—

Reël 155.

(i) Waar effekte of aandele of 'n toevallige aanwas wat nie aan vereffening deur tussenkoms van die Klaringskantoor onderworpe is nie, nie ingevolge die bedinge van die transaksie of die bepalings van hierdie Reëls gelewer word nie, moet beide partye binne 24 uur nadat lewering sou geskied het, òf skriftelik aan die Sekretaris rapporteer dat lewering nie geskied het nie òf 'n onderlinge skriftelike ooreenkoms aangaan om die bedinge van die transaksie te wysig. Klante word nie deur sodanige wysigings gebind nie tensy hulle daarmee instem. Die betrokke makelaars moet aan dié vereistes van die Klaringshuis voldoen wat nodig mag wees vir statistiese doeleindes.

(ii) Waar 'n geldelik aanwas wat ontstaan uit 'n transaksie wat nie aan vereffening deur tussenkoms van die Klaringskantoor onderworpe is nie, nie ingevolge die bedinge van die transaksie of die bepalings van hierdie Reëls betaal word nie, moet beide partye binne 24 uur nadat betaling sou geskied het, skriftelik aan die Sekretaris rapporteer dat daar versuim is om aldus te betaal.

(iii) Waar 'n makelaar 'n verkoping of aankoping namens 'n ander makelaar deurvoer, is die makelaar namens wie die transaksie deurgevoer word, vrygestel van die bepalings van hierdie Reël.

REËL 167.

Dat Reël 167 geskrap en vervang word deur 'n nuwe Reël 167 wat soos volg lui:—

Reël 167.

'n Lid moet, sodra hy vind dat hy nie in staat is om sy verbintenisse en/of sy verpligtings teenoor die Klaringskantoor na te kom nie, die Sekretaris skriftelik daarvan in kennis stel, en as hy versuim om die Sekretaris aldus in kennis te stel, is hy, ingeval hy tot 'n wanbetaler verklaar word, nie op hertoelating geregtig nie.

REËL 168.

Dat Reël 168 geskrap en vervang word deur 'n nuwe Reël 168 wat soos volg lui:—

Reël 168.

'n Lid wat 'n Effektebeurstransaksie en/of 'n verbintenis met 'n ander lid of met die Klaringskantoor aangegaan het as gevolg van 'n instruksie van die Klaringskantoor en wat vind dat sodanige ander lid versuim het om dit na te kom, moet die Sekretaris onmiddellik skriftelik van sodanige versuim in kennis stel. Geen lid mag in verband met 'n Effektebeurstransaksie of 'n instruksie van die Klaringskantoor 'n kompromis met 'n ander lid aangaan of betaling „ op rekening " van sodanige ander lid aanneem nie. 'n Lid wat sodanige kompromis met 'n ander lid aangaan of sodanige betaling „ op rekening " van sodanige lid ontvang, kan, ingeval sodanige ander lid binne ses (6) maande vanaf die datum van sodanige kompromis of betaling, tot 'n wanbetaler verklaar word, na goedvinde van die Komitee daarvoor aanspreeklik gehou word om alle gelde of sekuriteite wat hy van sodanige wanbetaler ten tyde van of na sodanige kompromis of betaling ontvang het, in die Effektebeursboedel van die wanbetaler te stort, en die gelde en sekuriteite aldus gestort, moet aangewend word om die eise van lede wat na die datum van sodanige kompromis of betaling krediteure van die wanbetaler geword het, te likwideer.

REËL 170.

Dat Reël 170 geskrap en vervang word deur 'n nuwe Reël 170 wat soos volg lui:—

Reël 170.

(i) 'n Lid wat nie daartoe in staat is om sy verbintenisse met lede en/of sy verpligtings teenoor die Klaringskantoor na te kom nie, moet by 'n besluit van die Komitee tot 'n wanbetaler verklaar word. Die Komitee kan ook by sodanige besluit 'n lid tot 'n wanbetaler verklaar indien hy versuim het om 'n verpligting teenoor 'n lid of 'n nie-lid wat uit 'n Effektebeurstransaksie of 'n instruksie van die Klaringskantoor ontstaan het, na te kom.

(ii) 'n Lid hou op om lid te wees sodra die besluit waarby hy tot 'n wanbetaler verklaar word, geneem is.

(iii) 'n Kennisgewing dat 'n lid tot 'n wanbetaler verklaar is, moet op die kennisgewingbord van die Effektebeurs aangebring word.

(iv) Die Klaringskantoor moet vanaf die tyd waarop die besluit waarby 'n lid tot 'n wanbetaler verklaar is, geneem is, ophou om namens hom op te tree.

REËL 173.

Dat subreël (i) van Reël 173 geskrap en vervang word deur 'n nuwe subreël (i) van Reël 173 wat soos volg lui:—

Reël 173.

(i) Behalwe in die geval van eise wat ontstaan uit lenings van aandeelbewyse teen geld, lenings van geld teen aandeelbewyse, algemene voorskotrekenings en rekenings van 'n soortgelyke aard en transaksies tussen agente, moet alle eise gestaaf word deur dié bewyse van die Klaringskantoor wat nodig geag mag word of, ten opsigte van transaksies wat nie aan vereffening deur tussenkoms van die Klaringskantoor onderworpe is nie, deur adviesbriewe van die wanbetaler of adviesbriewe van die eiser, behoorlik geaksepteer, wanneer nodig, deur of ten behoewe van die wanbetaler. Al sodanige adviesbriewe en akseptasies moet onderteken word deur 'n persoon wat behoorlik daartoe gemagtig is ingevolge Reël 150 (1) of, ondanks die bepalings van daardie subreël, deur 'n werknemer soos bedoel in Reël 150 (iii), en alle veranderings daaraan moet deur 'n persoon wat aldus gemagtig is of deur sodanige werknemers geparafeer word.

REËL 176.

Dat Reël 176 geskrap en vervang word deur 'n nuwe Reël 176 wat soos volg lui:—

Reël 176.

In alle gevalle van wanbetaling moet die Komitee op die volgende wyse besluit oor die eise wat toegelaat moet word en die bydraes wat tot die Effektebeursboedel van die wanbetaler gemaak moet word:—

(i) Vir die toepassing van hierdie reël—

(*a*) omvat „ oop transaksies " tussen makelaarslede ook—

(i) alle transaksies wat nie gedurende die lopende vereffeningstydperk vereffen moet word nie;

(ii) alle onvoltooide afleweringsinstruksies tussen genomineerde lewerende en ontvangende makelaars gedurende die vereffeningstydperk;

(iii) transaksies in effekte of aandele wat nie Klaringskantoorsekuriteite is nie en wat gedurende die lopende vereffeningstydperk vereffen moet word;

maar nie ook die volgende nie—

(iv) spesiale transaksies;

(v) spesiale deursittransaksies soos in Reël 147 *quat* omskryf;

(vi) gedeeltelike voltooide transaksies;

Genomineerde ontvangende of lewerende makelaars van Klaringskantoorsekuriteite wat 'n verlies ly weens die sluiting van oop transaksies, moet deur die Johannesburgse Effektebeurs vergoed word, en die Effektebeurs het die reg om die bedrag van sodanige vergoeding te eis van die Effektebeursboedel van die wanbetaler;

(*b*) beteken „ gedeeltelik voltooide transaksies " transaksies wat ooreenkomstig hierdie reëls tussen makelaarslede aangegaan is en wat voltooi is behalwe wat betref die betaling van 'n geldelike aanwas en/of die lewering van 'n aandeelbewysaanwas wat vry is van 'n teenwaarde;

(*c*) bly die aandeelbewyse wat by die Klaringskantoor ingelewer is en wat die wanbetaler versuim het om af te haal of om daarvoor te betaal, die eiendom van die makelaar wat dit by die Klaringskantoor ingelewer het, en sodanige aandeelbewys moet met die minste versuim teen betaling terugbesorg word aan en geaksepteer word deur die lewerende makelaar en word beskou as 'n oop transaksie wat ooreenkomstig subreël (ii) hiervan behandel moet word.

(ii) Sluiting van transaksies:—

(*a*) Alle oop transaksies en gedeeltelik voltooide transaksies word op die dag van wanbetaling gesluit.

(*b*) Alle verskille moet gegrond word op 'n prys wat die Komitee moet bepaal.

(*c*) Ondanks die bepalings van hierdie reël, moet spesiale transaksies, afgesien daarvan of dit deur middel van 'n deurs't- of ander transaksie gesluit is, deur die Komitee behandel word op die wyse wat hy, met inagneming van die omstandighede van die transaksie en die wanbetaling, dienstig ag.

(iii) Geldelike aanwasse—

(*a*) Besonderhede van alle dividende wat op die datum en tyd van wanbetaling aan 'n wanbetaler verskuldig is of deur hom staan ontvang te word, moet aan die registers van die Klaringskantoor onttrek word, en die betrokke makelaars moet ooreenkomstig hierdie reël met eise of bydraes in verband met sodanige dividende handel.

(*b*) Alle dividende wat verskuldig is aan of ontvang staan te word deur 'n wanbetaler en wat in 'n Klaringskantoorstaat ingesluit vir die vereffeningstydperk wat op die datum van wanbetaling van krag is, moet ooreenkomstig sodanige staat behandel word. Vereffening deur ander makelaars moet op die gewone manier voortgaan. 'n Kontanttekort ten opsigte van die wanbetaler se dividendvereffeningsposisie moet deur die Johannesburgse Effektebeurs betaal word. 'n Kontantsurplus moet deur die Klaringskantoor aan die Effektebeursboedel van die wanbetaler betaal word.

(*c*) In gevalle waar die transaksie voltooi is behalwe vir sover dit die betaling van 'n geldelike aanwas aan die wanbetaler betref, mag die aanwas nie deel van die wanbetaler se Effektebeursboedel uitmaak nie maar moet dit deur die lid betaal of gelewer word aan die wanbetaler of aan sy eksekuteur of sy trustee, na gelang van die geval.

(*d*) In gevalle waar die transaksie voltooi is behalwe vir sover dit die betaling van 'n geldelike aanwas deur die wanbetaler betref, moet die lid aan wie die aanwas verskuldig is—afgesien daarvan of die aanwas deur die maatskappy betaal is of nie—die bedrag van die aanwas van die Effektebeursboedel van die wanbetaler eis; met dien verstande dat geen eis ten opsigte van 'n aanwas op 'n gedeeltelik voltooide transaksie toegelaat word nie indien die maatskappy die aanwas meer as sewe besigheidsdae voor die wanbetaling betaal het.

(*e*) In gevalle waar 'n geldelik aanwas in verband met 'n oop transaksie aan die wanbetaler verskuldig is—afgesien daarvan of die aanwas betaal is of nie—moet die bedrag van die aanwas in die wanbetaler se Effektebeursboedel gestort word.
(*f*) In gevalle waar 'n geldelik aanwas in verband met 'n oop transaksie deur die wanbetaler verskuldig is—afgesien daarvan of die aanwas deur die maatskappy betaal is of nie—moet die lid aan wie die aanwas verskuldig is, behoudens die bepalings van Reël 136, 'n eis vir die bedrag van die aanwas teen die wanbetaler se Effektebeursboedel instel.

(iv) Aandeelbewysaanwasse wat nie ooreenkomstig Reël 2 (xx) en 136 (v) in nuwe en afsonderlike transaksies omgeskep is nie:—
(*a*) In gevalle waar die transaksies voltooi is behalwe vir sover dit die lewering, aan die wanbetaler, van aandeelbewysaanwasse waarop geen betaling verskuldig is nie, betref, maak die aanwas nie deel van die wanbetaler se Effektebeursboedel uit nie maar moet dit deur die lid aan die wanbetaler of aan sy eksekuteur of trustee, na gelang van die geval, gelewer word.
(*b*) In gevalle waar die transaksie voltooi is behalwe vir sover dit die lewering, deur die wanbetaler, van 'n aandeelbewysaanwas betref waarop geen betaling verskuldig is nie, moet die lid aan wie die aanwas verskuldig is—afgesien daarvan of sodanige aanwas deur die maatskappy gelewer is of nie—die waarde van die aanwas soos deur die Komitee bepaal, van die Effektebeursboedel van die wanbetaler eis; met dien verstande dat geen eis ten opsigte van die aanwas wat op gedeeltelik voltooide transaksies verskuldig is, erken sal word nie as die aanwas meer as sewe dae voor die wanbetaling deur die maatskappy gelewer is.
(*c*) In gevalle waar 'n aanwas aan die wanbetaler verskuldig is in verband met 'n oop transaksie—afgesien daa rvan of die aanwas deur die maatskappy gelewer is of nie—moet die waarde van die aanwas soos deur die Komitee bepaal, in die Effektebeursboedel van die wanbetaler gestort word.
(*d*) In gevalle waar 'n aanwas aan die wanbetaler verskuldig is in verband met 'n oop transaksie—afgesien daarvan of die aanwas deur die maatskappy gelewer is of nie—moet die lede aan wie die aanwas verskuldig is, die waarde van die aanwas soos deur die Komitee bepaal, van die Effektebeursboedel van die wanbetaler eis.

(v) Waar enigeen van die partye by transaksies tussen makelaars in gebreke bly en die een makelaar as die agent vir die ander optree, kan die Komitee eise wat gegrond is op die saldo's wat verskuldig is—hetsy vir kontant of aandele—toelaat mits hy daarvan oortuig is dat daar geen nalatigheid van die kant van die nie-wanbetalende lid was nie.

(vi) Algemeen:—
(*a*) Lede wat bedrae verskuldig is aan of wat eise het teen die Effektebeursboedel van 'n wanbetaler, het die reg van skuldvergelyking ten opsigte daarvan.
(*b*) Ingeval daar 'n geskil in verband met 'n transaksie tussen lede is en sodanige geskil ten tyde van die wanbetaling nie opgelos is nie, het die Komitee die reg om sodanige geskil te ondersoek en te besleg, en sodanige beslegting is bindend vir beide die wanbetaler en die ander party by die transaksie.
(*c*) Verskille wat ontstaan uit effekte of aandele wat ingekoop of uitverkoop is ooreenkomstig Reël 129 en 130, word as eise in die wanbetaler se Effektebeursboedel toegelaat, en alle winste wat in verband daarmee gemaak word, moet in die wanbetaler se Effektebeursboedel gestort word.
(*d*) Behoudens enige reg wat hulle mag hê om die kontrak op grond van bedrog, wanvoorstelling of ander onwettige daad van die kant van die klant te repudieer, is lede vir die behoorlike uitvoering van transaksies aan hul klante verantwoordelik op dieselfde manier asof sodanige transaksies nie deur die Komitee gesluit is nie en die wanbetalende makelaar sy verpligtings ingevolge sodanige transaksies nagekom het.
(*e*) Die toelating of weiering van eise teen of bydraes tot die Effektebeursboedel van 'n wanbetaler wat ontstaan uit transaksies in effekte, aandele of ander sekuriteite waarvan die lysting op die datum van wanbetaling opgeskort of beëindig is, berus by die Komitee. Die Komitee het ook die bevoegdheid om die pryse waarteen sodanige transaksies gesluit moet word indien dit toegelaat word om te bly staan, te bepaal, afgesien van stappe wat ingevolge Reël 4, 132 *bis*, 132 *ter* en 132 *quat* gedoen mag gewees het.

REËL 177.

Dat Reël 177 geskrap en vervang word deur 'n nuwe Reël 177 wat soos volg lui:—

Reël 177.

'n Lid wat insolvent verklaar is of 'n maatskappy wat in likwidasie geplaas is, hou *ipso facto* op om lid te wees, en Reëls 35, 167 tot en met 176 en 178 tot en met 181 is op dieselfde manier van toepassing asof sodanige insolvente persoon 'n wanbetaler is.

'n Lid wie se boedel voorlopig gesekwestreer of voorlopig in likwidasie geplaas word, word outomaties geskors gedurende die tydperk van sodanige voorlopige sekwestrasie of likwidasie.

REËL 178.

Dat Reël 178 geskrap en vervang word deur 'n nuwe Reël 178 wat soos volg lui:—

Reël 178.

Die Effektebeursboedel van 'n wanbetaler of 'n insolvente persoon bestaan uit—
(*a*) alle eiendomsregte wat die wanbetaler of insolvente persoon besit;
(*b*) die verskil wat ingevolge Reël 176 aan die Sekretaris betaal is;
(*c*) geld of sekuriteit wat ingevolge Reël 168 in sodanige boedel gestort is;
(*d*) bedrae wat ingevolge Reël 173 terugbetaal is;
(*e*) enige wins wat sodanige boedel ooreenkomstig Reël 183 toekom;
(*f*) enige dividend wat hom uit die Effektebeursboedel van 'n ander wanbetaler of insolvente persoon toekom;
(*g*) enige tjek wat van 'n ander lid ontvang is ten opsigte van Effektebeurstransaksies en wat nie gewissel is nie;
(*h*) bedrae wat ingevolge Reël 61 aan sodanige boedel betaal is;
(*i*) enige bedrag wat die Klaringskantoor aan die Effektebeursboedel betaal het.

REËL 183.

Dat Reël 183 geskrap en vervang word deur 'n nuwe Reël 183 wat soos volg lui:—

Reël 183.

(i) In die geval van die afsterwe van 'n lid wat ooreenkomstig hierdie Reëls besig was met Effektebeurstransaksies met 'n ander lid van die Effektebeurs, kan die Komitee na sy goedvinde enigeen van of al die ,, tydtransaksies " of ,, opsies " of enige ander transaksie sluit wanneer hy van die afsterwe van die lid verneem of op die datum waarop elkeen van sodanige transaksies andersin afgehandel sou gewees het, en alle verskille moet vereffen word teen 'n prys wat die Komitee moet bepaal. As enige sodanige transaksie 'n wins ten gunste van die afgestorwe lid afgewerp het, moet die Sekretaris sodanige wins aan die eksekuteur van die afgestorwe lid betaal as die Komitee van mening is dat die afgestorwe lid se boedel solvent is. As die Komitee van mening is dat die afgestorwe lid se boedel insolvent is, moet sodanige wins deel uitmaak van sodanige afgestorwe lid se Effektebeursboedel en moet dit ingevolge die Reëls wat daarop betrekking het, behandel word.
(ii) Alle transaksies wat nie deur die Komitee afgesluit word nie, moet deur die eksekuteurs behandel word ooreenkomstig die bedinge van die transaksie.
(iii) 'n Lid van die Effektebeurs wat, aangesien hy 'n party by 'n transaksie met 'n afgestorwe lid is, verwittig word van die afsterwe van sodanige lid met wie hy uitstaande transaksies het, moet hierdie inligting onmiddellik skriftelik aan die Sekretaris meedeel.
(iv) By die afsterwe van die enigste eienaar van 'n makelaarsbesigheid moet alle transaksies met die afgestorwene wat in die Klaringskantoor aangeteken is maar wat nog nie in die lopende vereffeningsrekening vereffen moet word nie, van die Klaringskantoorregisters verwyder word. Die makelaars wat die ander partye by sodanige transaksies uitmaak, moet al sodanige transaksies deurvoer met die eksekuteur van die afgestorwe lid se boedel. Alle onvoltooide leweringsinstruksies in die lopende vereffeningsrekening tussen 'n genomineerde lewerende of ontvangende makelaar en die oorledene moet deur sodanige makelaar regstreeks vereffen word met die eksekuteur van die afgestorwe lid se boedel. Indien die genomineerde lewerende of ontvangende makelaar 'n verlies ly deur dit te doen, moet hy deur die Johannesburgse Effektebeurs vergoed word.

REËL 211.

Dat Reël 211 geskrap en vervang word deur 'n nuwe Reël 211 wat soos volg lui:—

Reël 211.

Reëls 3 (iv), 28, 103 tot en met 108, 110, 129 tot en met 131, 132 *bis* en 167 tot en met 183 is van toepassing op slegs dié effekte of aandele waarmee daar kragtens Reël 147 in die saal van die Effektebeurs handel gedryf kan word.

REËL 214.

Dat Reël 214 geskrap en vervang word deur 'n nuwe Reël 214 wat soos volg lui:—

Reël 214.

(i) Die Reëls van krag voor 2 Januarie 1948, is ten volle van krag en van toepassing in verband met alle oortredings en/of skendings van genoemde Reëls, en al sodanige oortredings en/of skendings moet ingevolge sodanige Reëls behandel word.

(ii) Die Reëls en Regulasies wat na 1 Januarie 1948 van tyd tot tyd van krag was, is ondanks hul latere wysigings en/of herroeping nog van krag en van toepassing ten opsigte van alle oortredings en/of skendings daarvan wat voor die wysiging en/of herroeping gepleeg is. Al sodanige oortredings en/of skendings moet behandel word asof genoemde Reëls nie gewysig en/of herroep is nie.

(iii) Tot tyd en wyl die Komitee die vereffening van transaksies wat aangegaan is voordat die Reëls vir die voltooiing van transaksies gewysig is, bepaal het na die datum waarop sodanige wysigings van die Reëls in werking getree het, is sodanige vereffening onderworpe aan die Reëls wat van krag was op die datum waarop die transaksies aangegaan is.

REËL 217.

Dat die volgende Reël 217 ingevoeg word:—

Reël 217.

Die Klaringskantoor moet deur die Johannesburgse Effektebeurs vir sy lede bestuur word:—

(i) By die vereffening van transaksies in Klaringskantoorsekuriteite tussen makelaar en makelaar, is die Klaringskantoor die agent vir die betrokke makelaars. Die Klaringskantoor word bestuur op dié grondslag dat elke makelaar die netto saldo van 'n bepaalde effek of aandeel of toevallige aanwas of kontant wat die onderwerp van al sy transaksies uitmaak, sal ontvang en lewer in ingeklaarde sekuriteite wat in enige vereffeningstydperk vereffen word en dat alle kontantbetalings aan of deur die Klaringskantoor en alle aandeelbewyssaldo's deur tussenkoms van die Klaringskantoor gelewer word of ontvang word van die makelaars wat deur die Klaringskantoor aan, genomineer is, afgesien van wie die ander partye was by die transaksies wat vereffen word. Nòg die Komitee nòg die Effektebeurs is aanspreeklik vir enige verlies van aandeelbewyse of die verlies van geld as gevolg daarvan dat aandeelbewyse of tjeks verlore gegaan het of as gevolg van bedrog, diefstal, vervreemding of ander wederregtelike toeëiening van aandeelbewyse uit die Klaringskantoor of vir enige skade wat 'n lid as gevolg van die werksaamhede van die Klaringskantoor mag ly.

(ii) Die Effektebeurs het op enigeen van en al die sekuriteite en ander eiendom van die lede wat te eniger tyd vir die rekening van 'n lid deur die Klaringskantoor gehou word, 'n retensiereg as sekerheid vir alle bedrae wat ingevolge die Reëls en Regulasies van die Effektebeurs deur bedoelde lid van die Klaringskantoor verskuldig is of van tyd tot tyd verskuldig mag word. Ingeval 'n lid tot 'n wanbetaler verklaar word of ingeval hy versuim om sy debetsaldo teen die tyd wat ingevolge die Reëls vereis word of op aanvraag te betaal, of ingeval die Klaringskantoor van mening is dat die sekuriteite en ander eiendom wat die Klaringskantoor vir die rekening van sodanige lid hou, ontoereikend is om doeltreffende sekerheid vir sy verpligtings te bied, of ingeval die lid versuim om, wanneer daartoe gelas deur die Klaringskantoor, addisionele aanvullende sekuriteite te verskaf, kan die Klaringskantoor na sy goedvinde enigeen van of al die sekuriteite of ander eiendom wat sodanige kantoor vir die rekening van sodanige lid hou, laat verkoop. Sodanige verkoping kan op die Effektebeurs of op enige ander beskikbare mark geskied, en die opbrengs van sodanige verkoping moet deur die Klaringskantoor aangewend word ter betaling van die lid se debetsaldo, en enige surplus moet aan die lid of sy regverteenwoordiger betaal word.

(iii) 'n Lid moet kontant of tjeks wat deur 'n bank gewaarborg is, by die Klaringskantoor deponeer om die waarde te dek van aandeelbewyse wat wag om deur hom afgehaal te word, tensy hy aanneemlike waarborge ten gunste van die Effektebeurs gegee het dat hy al sy verpligtings teenoor die Klaringskantoor sal nakom. Die Komitee moet van tyd tot tyd die bedinge en voorwaardes en bedrae van sodanige waarborg bepaal.

(iv) Lede wat waarborge verskaf het wat deur die Komitee aanvaar is, kan aandeelbewyse te eniger tyd gedurende besigheidsure uit hul Klaringskantoorbusse verwyder.

(v) Die Komitee kan van 'n makelaarslid vereis om addisionele waarborge vir dié bedrag of bedrae wat die Komitee dienstig ag, te verskaf in gevalle waar die Komitee van mening is dat die bedrag van die vorige waarborg/waarborge nie voldoende is om die waarde van die aandeelbewyse wat te eniger tyd aan die betrokke makelaar afgelewer mag word, te dek nie. Tot tyd en wyl addisionele bevredigende waarborge verskaf word, kan die fasiliteit bedoel in subreël (iv) hierbo, ingetrek word.

(vi) Daar kan van 'n borg vereis word om, ingeval die betrokke lid/firma versuim om dieselfde dag by die Klaringskantoor dié bedrag of bedrae te deponeer wat nodig is om te betaal vir aandele wat aan hom/hulle daardie dag deur tussenkoms van die Klaringskantoor afgelewer is, of dié ander bedrag/bedrae wat daardie dag ingevolge die opdragte van die Klaringskantoor aan die Klaringskantoor verskuldig mag word, aan die Effektebeurs te betaal.

(vii) By die beëindiging van sodanige waarborg verval die fasiliteite wat in subreël (iv) bedoel word.

(viii) In geval die waarborge onvoldoende is om 'n wanbetaler se aanspreeklikheid teenoor die Klaringskantoor na te kom, is die Johannesburgse Effektebeurs aanspreeklik vir die betaling van alle tekorte en het die Effektebeurs 'n eis daarvoor teen die wanbetaler en teen sy Effektebeursboedel.

(ix) Die Komitee moet van tyd tot tyd—

(i) die geografiese gebiede bepaal wat onderworpe is aan vereffening van transaksies in Klaringskantoorsekuriteite deur tussenkoms van die Klaringskantoor;

(ii) bepaal watter aandele ingesluit moet word in die lys van Klaringskantoorsekuriteite;

(iii) die tydperke bepaal waarin die lewering van aandeelbewyse en kontant aan die Klaringskantoor bewerkstellig en voltooi moet word.

(x) Die Komitee moet ooreenkomstig Reël 23 van tyd tot tyd die Regulasies bepaal wat van toepassing is op die werksaamhede van die Klaringskantoor. Die beslissing van die Komitee in verband met enige saak wat betrekking het op die vereffening van transaksies deur tussenkoms van die Klaringskantoor wat nie spesifiek deur hierdie Reëls of deur die Regulasies gedek word nie, is finaal.

(xi) Alle inligting wat deur makelaarslede aan die Klaringskantoor verstrek word, moet deur elke lid van die Klaringskantoorpersoneel as vertroulik beskou word; met dien verstande dat—

(*a*) die Bestuurder van die Klaringskantoor dié dokumente, registers of ander inligting wat die Komitee of die Hoofbestuurder mag vereis in verband met enige saak wat ondersoek word, beskikbaar moet stel;

(*b*) die Hoofbestuurder voorsien moet word van dié inligting in verband met die transaksies van elke makelaar wat nodig geag word vir algemene toesighouding oor elke makelaarsfirma se handelsposisie; sodanige inligting is vertroulik en bedoel vir slegs die Hoofbestuurder en die Ondersoekende Rekenmeester van die Inspeksieafdeling, tensy die saak verdere ondersoek vereis;

(*c*) niks hierin vervat, so uitgelê mag word dat dit die Effektebeurs belet om statistiese inligting, van watter aard ook al, op te stel en te publiseer nie.

(xii) Transaksies in Klaringskantoorsekuriteite wat aangegaan is in enige geografiese gebied bedoel in subreël (ix) (i), moet deur tussenkoms van die Klaringskantoor vereffen word ooreenkomstig die Klaringskantoor se vereffeningsinstruksies. Transaksies wat nie aan die instruksies van die Klaringskantoor onderworpe is nie, moet tussen die betrokke makelaars vereffen word.

(xiii) Waar die een makelaar as agent vir 'n ander makelaar optree, word die agentskapstransaksie nie deur tussenkoms van die Klaringskantoor vereffen nie.

(xiv) Besonderhede van aandeelbewyse wat aan die instruksies van die Klaringskantoor onderworpe is en wat nie ingevolge sodanige instruksies aan die einde van 'n vereffeningstydperk gelewer is nie, moet ingesluit word in die leweringsinstruksies vir die daaropvolgende vereffeningstydperk. Die genomineerde ontvanger in die nuwe vereffeningstydperk kan 'n ander lid wees as die lid wat as die ontvanger genomineer is in die vorige vereffeningstydperk.

(xv) Ondanks die bepaling van subreël (xiv) hierbo, kan die Komitee gelas dat die vereffening van onafgelewerde aandeelbewyse soos bedoel in subreël (xiv) hierbo, bewerkstellig word op dié ander manier wat hy van tyd tot tyd mag bepaal.

(xvi) Die kopende makelaar en die verkopende makelaar kan by wyse van 'n onderlinge ooreenkoms die vereffeningstydperk wysig deur dit te vervroeg of uit te stel ten opsigte van transaksies wat nie vir vereffening deur tussenkoms van die Klaringskantoor in gesluit is nie of wat, volgens 'n besluit van die Komitee, nie as skuldvergelyking aangewend mag word nie.

(xvii) Waar aandele nie gedurende die vereffeningstydperk soos beding of gedurende 'n daaropvolgende vereffeningstydperk gelewer word nie, het 'n klant die reg om hom op die bepaling van Reël 129 te beroep deur sy makelaar opdrag te gee om die aandele ingevolge daardie reël in te koop.

(xviii) Die Komitee kan geheel en al na sy goedvinde en te eniger tyd of tye op of na die effektiewe datum vir die inwerkingstelling van die Klaringskantoor, in die Klaringskantoor se vereffeningsprosedure besonderhede inlyf van alle transaksies, of slegs 'n gedeelte of gedeeltes daarvan, wat op sodanige effektiewe datum oop was en nie voltooi was nie. Uitstaande transaksies wat aldus ingelyf word, moet ooreenkomstig die vereffeningsinstruksies van die Klaringskantoor vereffen word.

(xix) Die Hoofbestuurder kan lede dié boetes en ander strawwe oplê wat van tyd tot tyd by Regulasie voorgeskryf word in verband met versuim van hul kant om te voldoen aan die Regulasie betreffende, of die opdragte te gee deur, die Klaringskantoor; met dien verstande dat 'n lid wat nie met 'n beslissing van die Hoofbestuurder tevrede is nie, moet by die Komitee appèl kan aanteken.

REËL 91 *bis.*

Dat die volgende Reël 91 *bis* ingevoeg word:—

Reël 91 *bis.*

(i) Die Effektebeurs moet 'n amptelike koerant wat as „ The Johannesburg Stock Exchange Gazette " bekend staan, uitgee soos en wanneer die Komitee bepaal. Elke lid is daarop geregtig om 'n eksemplaar van elke koerant wat uitgegee word, gratis te ontvang, en die publikasie van sodanige koerant word geag plaas te gevind het op 9.00 vm. op die besigheidsdag wat volg op dié waarop eksemplare van die koerant vir lede beskikbaar geword het by die administratiewe kantore van die Effektebeurs.

(ii) Die Effektebeurs moet deur middel van 'n kennisgewing op die kennisgewingbord van die Effektebeurs die lede verwittig van die dag of dae van die week waarop die Johannesburg Stock Exchange Gazette, soos die voorneme bestaan, gepubliseer sal word. Ingeval 'n koerant gepubliseer word op 'n ander dag van 'n week as 'n dag waarvan daar aldus kennis gegee is, moet 'n kennisgewing wat sodanige strekking het, op eersgenoemde dag op die kennisgewingbord van die Effektebeurs aangebring word. Die feit dat 'n lid nie 'n eksemplaar van die koerant ontvang het nie, is geen verweer teen enige klas wat die Komitee teen hom mag inbring nie.

(iii) Die publikasie van 'n kennisgewing op die kennisgewingbord van die Effektebeurs of in die Johannesburg Stock Exchange Gazette word geag 'n amptelike kennisgewing van die saak waaroor sodanige kennisgewing gaan, aan die lede te wees.

(iv) Die publikasie van 'n kennisgewing in die Johannesburg Stock Exchange Gazette staan gelyk aan die aanbring van sodanige kennisgewing op die kennisgewingbord van die Effektebeurs, en gevolglik word dit vir die toepassing van hierdie Reëls geag op die kennisgewingbord aangebring te gewees het as dit in die Johannesburg Stock Exchange Gazette gepubliseer is.

(v) Alle amptelike kennisgewing wat op die kennisgewingbord van die Effektebeurs aangebring word, moet so gou as wat redelik moontlik is, daarna in die Johannesburg Stock Exchange Gazette gepubliseer word; met dien verstande dat 'n weglating van enige kennisgewing uit sodanige koerant nie die regsgeldigheid van die kennisgewing wat op die kennisgewingbord aangebring is, raak nie.

REËL 147 *bis.*

Dat subreël (*a*) (ii) van Reël 147 *bis* geskrap en vervang word deur 'n nuwe subreël (*a*) (ii) van Reël 147 *bis* wat soos volg lui:—

Reël 147 bis.

(*a*) (ii) Geen makelaarslid mag 'n opdrag in verband met effekte of aandele wat in Reël 147 bedoel word, uitvoer nie, behalwe met 'n ander makelaarslid; met dien verstande dat, waar 'n makelaarslid nie daartoe in staat is om sodanige opdrag teen 'n redelike en billike prys met 'n ander makelaarslid uit te voer nie en dit na sy mening in die belang van die klant is dat die opdrag op 'n mark buite die Republiek van Suid-Afrika uitgevoer word, kan hy die transaksie op sodanige mark verrig mits hy van die klant die volle makelaarsgelde en die belasting op bemarkbare sekuriteite vorder en op sy makelaars nota duidelik die mark meld waar die opdrag uitgevoer is.

Dat subreël (*c*) van Reël 147 *bis* geskrap en vervang word deur 'n nuwe subreël (*c*) van Reël 147 *bis* is wat soos volg lui:—

Reël 147 bis.

(*c*) 'n Makelaarslid wat 'n bod of aanbod in verband met effekte en aandele wat in Reël 147 bedoel word, ontvang van 'n korrespondent uit die Republiek van Suid-Afrika, kan alleenlik ooreenkomstig die bepalings van subreël (*a*) (i) hiervan met die betrokke sekuriteite handel; met dien verstande dat—

(i) waar sodanige makelaarslid voor die ontvangs van sodanige bod of aanbod 'n vaste opdrag ten opsigte van die betrokke sekuriteite ontvang het van 'n klant, hy die besigheid volgens die vaste opdrag van sy klant kan verrig of voltooi behoudens, altyd, die bepalings van subklousules (*a*) (ii) en (*b*) hiervan; en

(ii) as die lid ten tyde van die ontvangs van die bod of aanbod geen vaste opdrag van 'n klant het nie, hy die besigheid eers aan die mark moet aanbied en die prys moet noteer, en as hy nie die besigheid op die mark kan verrig of voltooi nie, hy die besigheid aan 'n klant aanbied mits hy nie gunstiger voorwaardes beding as dié wat in die mark aangebied word nie; en

(iii) 'n vaste opdrag 'n opdrag van 'n klant beteken wat deur 'n makelaarslid uitgevoer kan word sonder om dit weer na sy klant te verwys.

REËL 202 (i).

Dat die bestaande Reël 202 (i) geskrap en vervang word deur 'n nuwe Reël 202 (i) wat soos volg lui:—

Reël 202.

(i) Die Komitee moet 'n lys hou van die effekte, aandele en ander sekuriteite ten opsigte waarvan lysting toegestaan is, en kan sodanige lys te eniger tyd hersien en moet dit minstens een maal elke jaar doen. Die Komitee kan sodanige lys in onderafdelings verdeel met die doel om die aard van die besigheid wat deur die maatskappye in elke onderafdeling gedryf word, aan te dui, en kan bepaal in watter onderafdeling elke gelyste maatskappy geplaas moet word en kan van tyd tot tyd na sy goedvinde 'n gelyste maatskappy verskuif van een onderafdeling na 'n ander.

19-26-2

No. 745.] [26 May 1967.

Notice is hereby given that the transfer books of the undermentioned Local Registered Stocks will be closed from 1st June, 1967, to 1st July, 1967, both days inclusive and that the dividends due on the 1st July, 1967, will be paid to the stockholders registered at the date of the closing of the transfer books.

3⅞ Per Cent Local Registered Stock, 1967.
4¼ Per Cent Local Registered Stock, 1975.
4⅝ Per Cent Local Registered Stock, 1976.
4¾ Per Cent Local Registered Stock, 1978.
5¼ Per Cent Local Registered Stock, 1979.
5½ Per Cent Local Registered Stock, 1974/76.
4½ Per Cent Cape of Good Hope Colonial Stock.

No. 745.] [26 Mei 1967.

Hierby word bekendgemaak dat die oordragboeke van ondergenoemde Plaaslike Geregistreerde Effekte van 1 Junie 1967 tot en met 1 Julie 1967 gesluit sal wees en dat die dividende betaalbaar op 1 Julie 1967 aan die effektebesitters wat op die datum van sluiting van die oordragboeke geregistreer is, betaal sal word.

Plaaslike Geregistreerde 3⅞-persenteffekte, 1967.
Plaaslike Geregistreerde 4¼-persenteffekte, 1975.
Plaaslike Geregistreerde 4⅝-persenteffekte, 1976.
Plaaslike Geregistreerde 4¾-persenteffekte, 1978.
Plaaslike Geregistreerde 5¼-persenteffekte, 1979.
Plaaslike Geregistreerde 5½-persenteffekte, 1974/76.
4½ Persent „ Cape of Good Hope Colonial " effekte.

DEPARTMENT OF FOREIGN AFFAIRS.

No. 773.] [26 May 1967.

The State President has been pleased to grant recognition on 4th April, 1967, to Mr. Stanley Fredrick as Vice-Consul of the United Kingdom of Great Britain and Northern Ireland in Cape Town with that portion of the Cape of Good Hope (excluding the area comprising the

DEPARTEMENT VAN BUITELANDSE SAKE.

No. 773.] [26 Mei 1967.

Dit het die Staatspresident behaag om op 4 April 1967, erkenning te verleen aan mnr. Stanley Fredrick as Visekonsul van die Verenigde Koninkryk van Groot-Brittanje en Noord-Ierland in Kaapstad met daardie gedeelte van die Provinsie Kaap die Goeie Hoop (met uitsondering van

Magisterial Districts of Griqualand West) west of the eastern boundaries of the Magisterial Districts of Colesberg, Hanover, Richmond, Murraysburg, Aberdeen, Willowmore, Uniondale, and Knysna, and the Territory of South West Africa, as his area of jurisdiction, in anticipation of the issuance to him of an Exequator, Mr. Fredrick is the successor to Mr. E. G. B. Allen.

No. 774.] [26 May 1967.

The State President has been pleased to grant recognition on 13th April, 1967, with effect from 21st February, 1967, to Mr. Norman E. Barth as Consul of the United States of America in Port Elizabeth with that portion of the Province of the Cape of Good Hope eastward of and including the Magisterial Districts of Humansdorp, Steytlerville, Jansenville, Aberdeen, Murraysburg, Graaff-Reinet, Middelburg, Hanover and Colesberg as his area of jurisdiction, in anticipation of the issuance to him of an Exequatur. Mr. Barth is the successor to Mr. Horace F. Byrne.

No. 775.] [26 May 1967.

The State President has been pleased to grant recognition on 22nd March, 1967, to Mr. Dewey W. Conner as Consul (Information) of the United States of America in Johannesburg, with the Provinces of the Transvaal and Orange Free State as his area of jurisdiction, in anticipation of the issuance to him of an Exequatur. Mr. Conner is the successor to Mr. R. Rockweiler.

No. 776.] [26 May 1967.

The State President has been pleased to grant recognition on 14th April, 1967, to Mr. Robert Wallace Calderwood as Vice-Consul (Commercial) of the United Kingdom of Great Britain and Northern Ireland in Durban with the Province of Natal and those portions of the Magisterial Districts of Mount Currie, Umzimkulu and Matatiele which are outside the Transkei, as his area of jurisdiction.

DEPARTMENT OF HEALTH.

No. 764.] [26 May 1967.

SOUTH AFRICAN PHARMACY BOARD.

It is hereby notified that at an election of one member of the South African Pharmacy Board for the balance of the quinquennial period ending on 31st December, 1968, duly held in accordance with the Medical, Dental and Pharmacy Act, No. 13 of 1928, as amended, the number of votes appearing below was duly recorded for the respective candidates:—

Clark, Graham Gordon	488
Manning, Trevor Richard	293
Sakolovsky, David Louis	741
Theunissen, Christiaan de Kock	425

Mr. David Louis Sakolovsky is deemed to be elected.

FRANK. S. BARROW,
Returning Officer.

Pretoria, 3rd May, 1967.

DEPARTMENT OF INTERIOR.

No. 758.] [26 May, 1967.

RESULT OF BY-ELECTION.

ELECTORAL DIVISION OF WORCESTER.

In accordance with sections *eighty-seven* and *eighty-eight* of the Electoral Consolidation Act, 1946 (Act No. 46 of 1946), as amended, the following particulars relating to the election of a member of the House of Assembly for the Electoral Division of Worcester, held on the 19th April, 1967, are hereby published for general information:—

Name of person elected and date on which declared elected.	Votes polled for:	Number of ballot papers rejected.	Total number of votes polled.	Number of voters on Voters' List.
Stofberg, Louis Frans, 19th April, 1967....	Siddle, James Louis..... 3,133 Stofberg, Louis Frans..... 6,516	83	9,732	11,648

die gebied wat beslaan word deur die landdrosdistrikte in Griekwaland-Wes) wes van die oostelike grense van die landdrosdistrikte Colesberg, Hanover, Richmond, Murraysburg, Aberdeen, Willowmore, Uniondale en Knysna, en die Gebied Suidwes-Afrika as sy regsgebied in afwagting van die uitreiking aan hom van 'n Erkennings besluit. Mnr. Fredrick is die opvolger van mnr. E. G. B. Allen.

No. 774.] [26 Mei 1967.

Dit het die Statspresident behaag om op 13 April 1967, erkenning, met ingang van 21 Februarie 1967, aan mnr. Norman E. Barth te verleen as Konsul van die Verenigde State van Amerika in Port Elizabeth met daardie gedeelte van die Provinsie Kaap die Goeie Hoop ten ooste en met inbegrip van die landdrosdistrikte Humansdorp, Steytlerville, Jansenville, Aberdeen, Murraysburg, Graaff-Reinet, Middelburg, Hanover en Colesberg as sy regsgebied in afwagting van die uitreiking aan hom van 'n Erkennings-besluit. Mnr. Barth is die opvolger van mnr. Horace F. Byrne.

No. 775.] [26 Mei 1967.

Dit het die Staatspresident behaag om op 22 Maart 1967, erkenning te verleen aan mnr. Dewey W. Conner as Konsul (Inligting) van die Verenigde State van Amerika in Johannesburg, met die Provinsies Transvaal en Oranje-Vrystaat as sy regsgebied in afwagting van die uitreiking aan hom van 'n Erkennings-besluit. Mnr. Conner is die opvolger van mnr. R. Rockweiler.

No. 776.] [26 Mei 1967.

Dit het die Staatspresident behaag om op 14 April 1967 erkenning te verleen aan mnr. Robert Wallace Calderwood as Vise-konsul (Handel) van die Verenigde Koninkryk van Groot-Brittanje en Noord-Ierland in Durban met die Provinsie Natal en daardie gedeeltes van die landdros-distrikte Mount Currie, Umzimkulu en Matatiele wat buite die Transkei val, as sy regsgebied.

DEPARTEMENT VAN GESONDHEID.

No. 764.] [26 Mei 1967.

SUID-AFRIKAANSE APTEKERSKOMMISSIE.

